# REISIGERS

written by

Louis Janse van Rensburg

Weergawe: 04.04.2022

louis.africa/reisigers

FADE IN:

**EXT. GRASVELD - DAG**

‘n Stil somerswind beweeg rustig deur oop vlaktes droëe gras en kleurvolle veldblomme. Ons VOLG ‘n nuutgetrapte wandelpad en sien ‘n jong man gehurk onder ‘n OU WILGER.

JOUBA, 18, is in sy skoolklere, moue opgerol. ‘n Tipe profiel wat die anties sal beskryf as ‘n "opregte klong".

JOUBA (V.O.)
In al ons lewens is daar ‘n oomblik van verlies wanneer ons afskeid neem van ‘n "ou" self. ‘n Kosmiese oerknal wat die geboorte van ‘n "nuwe" self inhuldig.

Hy skep 'n vuis vol sand en laat loop dit stadig deur sy vingers.

JOUBA (V.O. - CONT'D)
Opeens is dit pynlik en bevrydend. Hoe wreed... en mooi.

Jouba maak sy oë toe en met een stil asem neem hy die omgewing om hom in: die stof in sy palms, warm oggendwind teen sy vel, vars grasveld reuke, sonbesies en blare in die ou wilger wat saamgesels.

En asem uit.

Van kort agter kom ‘n roep-geluid.

ONBEKEND (O.C.)
Ka-kaaa.

Jouba staan rustig op en gooi sy skoolsak oor sy skouer. Hy ken dié spesie van voël sy lewe lank.

Deur ‘n klein gaping in ‘n nabye ogiesdraad heining kruip MARIO, 18.

MARIO
KA-KAAA!

Soos ‘n stoute springhaas sien ons vir Mario, amper ‘n spieëlbeeld van Jouba met effe jonger gelaatstrekke en aspris deurmekaar hare, vol lewenslus aangedraf kom.

Sy skoolhemp is oopgeknoop met ‘n JOHANNES KERKORREL & DIE GEREFORMEERDE BLUES BAND t-hemp onderaan sigbaar, kleurvolle sokkies en oorfone wat hang om sy nek - als om Mario se raak-my-nie-look mooi af te rond.

JOUBA
(vee die stof van sy hande)
27 minute laat...

MARIO
Gestewel en gesmeer.

Jouba kan net sy kop skud en glimlag. Hy gooi sy arm om Mario se skouers.

JOUBA
Kom my boetie. Die sterre roep ons.

Die broers, skouer-aan-skouer, stap aan.

JOUBA (CONT'D)
Gestewel en gesmeer, eh?

**EXT. DORP - STRAAT - LATER**

Die ritmes van ‘n klankbaan wat ons herinner aan die oënskynlike ewige onraakbaarheid van ons jeug verwelkom ‘n warm dorps bult.

Op ‘n afstand verskyn Jouba en Mario, hulle stap gesellig en vry. Nog TWEE jong mans sluit by hulle aan met goed geoefende high-fives en bladskud groetes wat die rondtes maak.

MONTY, 18, is maer en atleties. Langafstand tipe. Skoolklere netjies ingesteek en das gestryk.

SLABS, 18, het vuil blonde hare en dra size-12 skoene, tweedehands. Sy oë, sag en trots.

Jouba, Mario, Slabs en Monty: beste vriende sedert kleintyd.

**TITEL KAART: REISIGERS**

CUT TO:

**EXT. DORP - MONTAGE - DAG**

Met die nostalgiese klankbaan nou in volle swaai spandeer ons die res van die oggend met die spul in ligteluim: af met die hoofstraat, oor die markplein, hotdogs in hand, ruil stories, kyk, luister en lag saam om hul selfone, mok rond, gee lammies, maak blaas leeg teen ‘n kar - hul onnie se kar… hardloop weg van onnie.

Nou met ‘n ligte draf, vat hulle die agterpad en draai af na die verlate TREINSPOOR.

**EXT. TREINSPOOR - DAG**

Die ouens loop twee-twee aan weerskante van die spoor. Die sonstrale spring van die staal af. Dit is warm maar hul gees is sterk.

MONTY
(korrek)
Kaaaa-kaaaaa.

MARIO
Kort ‘KA' dan lang ‘KAAAA'. KA-Kaaaaa!
Kom Monty-souri. Laat kraai!

Monty maak keel skoon. Gaan volpunte vir die ene kry.

MONTY
KA....

SLABS
Ons gaan groot *kakkas* kry as iemand julle hoor. Ek en Jouba is nog op NATIE se brand lys. Die laaste dag van skool mis is nogsteeds harde-gat-word-sagte-gat volgens die ou donner... en my ou balie. Enige rede.

JOUBA
Ooit.

Slabs kyk met sy kenmerkende diep frons en geligte wenkbrou na Jouba.

JOUBA (CONT'D)
Laaste dag, *ooit*.

MARIO
Wel, vir die meeste van ons.

Mario knipoog Slabs se kant toe en koes rats soos Slabs se boomstomp hande na hom uitryk.

MONTY
Jy kan maar pomodoro sous van hom maak, Slabs. Ek en Jouba sal aantekeninge maak.

MARIO
Pomodoro? Goeie blou bliksemstrale. Sê 'sous'. Slabs sal sous van my maak. Kragtig. Maak die punt. *Sousssss*. My boude bewe reeds.

JOUBA
*Ooit*, boys. Vir ons almal.

Die keer sink dit in by die ouens. Jouba kyk af en volg die spoorlyn tot voor.

JOUBA (CONT'D)
(opgewonde)
Op reis na more.

SLABS
(hoopvol)
Weg van gister.

MONTY
(vasberade)
Geen bagasie.

MARIO
(ondeund)
Op die *sousss* trein.

Jouba, Slabs en Monty skop vas en hou vir Mario dop wat aanstap.

SLABS
Mario. Kom gou hier.

Gelukkig reeds 'n paar meter voor kyk Mario skuins terug oor sy skouer, baie bewus van die gestelde prys van 'n simpel skerts.

Uit die blokke, skiet die ouens weg en jaag die springhaas hop-hop, lag-lag tussen die spore.

**EXT. KOPPIE - DAG**

Die son begin wegkruip agter die boomtoppe soos die seuns hul pad vind oor die sandsteen koppie. Monty en Jouba voor. Mario, skoolhemp nou geknoop om sy heupe, help vir Slabs ‘n tree agter.

Hulle kom uiteindelik tot bo en word gegroet met ‘n asemrowende UITSIG oor die dorp - straatligte vroeg aan, geen beweging, vreedsaam, met ‘n oneindige kleurvolle horison.

SLABS
Daar lê sy.

Die ouens neem hul tyd om die atmosfeer in te drink.

JOUBA
(sag)
Die sterre roep.

**EXT. STERREPLEK - LATER**

Voete terug op die aarde spring almal in, klokslag:

Mario stap na ‘n hoop stene en rangskik dit in ‘n sirkel. Volgende, rol hy drie sitstompe nader.

Monty daag op met reeds gekapte sekelbos in sy arms. Hy bou ‘n simetriese vuurmaak-struktuur binne Mario se stene.

MONTY
Firelighters.

Slabs en Jouba kyk af na ‘n platklip wat teen die wortels van ‘n karee lê. Jouba glimlag vir Slabs. Slabs klap Jouba se skouerblad, buk af en plaas sy hande half onder die klip. Dit vat so klein rukkie, dan skuif hy dit weg.

Jouba steek sy hande binne ‘n gaping wat nou sigbaar is tussen die wortels. Versigtig trek hy ‘n afgeweerde STAALHOUER uit. Bo op rof gegraveerd sien ons: STERREPLEK.

Hy maak die arms van die blik los, lig die deksel op en ons sien ‘n knipmes, pakkie vuuranstekers, sigarette, lighter, twee of drie comics, ‘n sterregids en sagteband skrywe van Carl Sagan, Kahlil Gibran en die ene, Victor Frankl.

MONTY
Firelighters, *messieurs*.

Hande krap in die bak rond en dan gooi Jouba vuuraanstekers en lighter Monty se kant toe en siggies na Mario.

MARIO
Ah, Pieter Stuiwe Sandjies, ou vriend.

Mario kap die laaste twee uit die pakkie, steek een agter elke oor en sit sy bas voor ‘n boomstomp neer.

Terug by Jouba wat nog doenig is by die staalhouer. Hy stoot al die kakkies na die kant toe en lig ‘n seilsak van onder uit. Jouba plaas dit neer, zip oop en ons sien ‘n TELESKOOP en ‘n opgerolde A3 NOTABOEK. Jouba kyk op en handig die notaboek aan Slabs wat met goedkeuring glimlag.

SLABS
Die sterre roep?

JOUBA
(knik, met teleskoop onder die arm)
Die sterre roep.

Tsik-tsik en die vlamme lig wys die ouens se gesigte, self-voldaan. Klokslag soos vele kere tevore.

**EXT. STERREPLEK - AAND**

Dit is volmaan en die naglug is nou gedek met meer sterre as wat ons kan tel.

By die nou gevestigde vlamme met oorfone in sy ore speel Mario se hande musiek op sy bo bene - *pat-a-pat-a-pat-pat-pat-pat...*

‘n Paar treë langs hom maak Monty en Jouba beurte om deur die teleskoop te kyk.

Net voor, by die voet van die teleskoop, sit Slabs op een van die stompe met die notaboek oopgerol op sy skoot en kyk in dieselfde rigting as Jouba en Monty - hy SKETS.

Ons sien die kontras tussen Slabs se groot figuur en growwe hande en die 2B potlood wat saggies dans op die vel wit papier.

MONTY
Net regs van Orion se belt. ‘n Groepie wat lyk soos ‘n vraagteken.

Hy beduie na ‘n area bo om vir Jouba kans te gee om die teleskoop te fokus. Dan weer Monty se oog op die lens. Slabs luister. Skets.

MONTY (CONT'D)
Pleiades. Die sewe susters.

Met sterregids in hand probeer Jouba by bly.

JOUBA
Plei-a-des. Reg om te seil met sy sewe susters, Alcyone en Atlas... Electra... Merope...
(woorde hak)
Hierdie name... Taygete...

MARIO
Imagine jy was die heel eerste persoon wat bewus word van daai blink dingetjies daarbo. Genuinely dit raaksien, jy weet? Oom grotman stap ewe rustig by sy grot pandok uit: "Liefie grotvrou, ek is nou-nou terug." Hy kyk op en...

Mario na-aap en maak sy oë groot oop met extra wonder.

MARIO (CONT'D)
"Uhm liefie grotvrou, kom kyk gou-gou hier...".

JOUBA
Mrs. Ples en haar mensies. Ons oer-ouers.

SLABS
Moer-oud oer-ouers.

MARIO
*Moer-ouers*, reg. En dan wie was die eerste persoon wat gedink het "Hey, ek kan lyne tussen hulle trek?"

JOUBA
Die Grieke. Geglo dis als die oë van die dooies.

MARIO

Of liggies wat deur ‘n dak skyn. Maar, nee. Die *heel* eerste. Die Grieke kon mooi skryf en slim-praat. In die regte sirkels beweeg. Dit formeel in boeke aanteken. Maar daar was obviously vele voor hulle wat dit al gedoen het. Een persoon...

Met notaboek in hand staan Slabs op en kyk deur die lens waar Monty mik.

Terug by die notaboek draai Slabs sy potlood om, vee uit, blaas weg en maak finale aanpassings. Hy wys sy werk vir Monty wat breed glimlag. Hy neem die potlood by Slabs en maak sy eie klein bydrae.

MARIO (CONT'D)

Die O. G. sterrekyker.

JOUBA

Het jy haar, Monts?

Met Slabs wat oor sy skouer aandag gee beweeg Monty die potlood met presisie.

SLABS

Amper daar.

MARIO (CONT'D)

(staan op en beweeg oor na die ander toe)

O. G. het geen toestemming nodig gehad nie.

Die ouens staan langs die teleskoop en kyk nou af na die notaboek in Monty se hande.

JOUBA

Dit net gedoen. Sy eie pad gekerf. Die heelal met al sy moontlikhede aan homself toegeëien.

MONTY

...en toe gee hy dit ‘n naam.

Monty lig die skets na bo.

Met die sterreruim as agtergrond sien ons Slabs se kuns talent: ‘n sagte potlood skets van die aand se sterre, rofweg akkuraat met Slabs se unieke styl.

Ons sien verder: fyn lyne getrek tussen ‘n groep sterre - twee half-diamante met ‘n two-step aan mekaar verbind.

JOUBA
Haar naam?

MONTY
Piaf. *Piaf se Dans*.

JOUBA
Ah, geen regrets.

Vinnig, sonder om ‘n geleentheid te mis spring Mario met sy eie rendisie van Édith Piaf se *Non, je ne regrette rien*.

MARIO
(sing)
"Nou, wanneer kommie reën...".

Monty skiet ‘n vies kyk Mario se kant toe.

MARIO (CONT'D)
(maak keel skoon, herstel)
Slab-Yster, soos altyd, beautiful werk ou grote.

Monty skryf regs bo: ‘Piaf se Dans', sy naam ‘Monty Delport' en die aand se datum: ‘4. 12. 2008'.

Mario neem die notaboek en blaai terug na vorige sketse:

‘Sonja's Song. Joubert Meintjies. 21. 08. 2008'
‘Beautiful Blue Jay. Johan Slabbert. 06. 05. 2008. '
‘Marilyn Monrose. Mario Meintjies. 31. 12. 2007. '

En nog. Elke bladsy ‘n kunswerk van die aand se sterre gepaard met ‘n unieke konstelasie.

SLABS
Was nommer 8 vanaand. Agt dames met wie ons, ons aande al kon deel.

JOUBA
(kyk op na die sterre)
Beeldskoon, nog altyd ‘n voorreg.

**EXT. STERREPLEK - LATER**

Daar is ‘n geselige atmosfeer om die nou gevestigde vuur. Elkeen sit met stok in hand en draai ‘n deurboorde ronde bun ‘n paar sentimeter bo die kole. Mario s'n is ekstra entoesiasties.

MARIO
...sy wou die jagters help. Hulle die
pad terug huis toe wys.

SLABS
(luister met een oor na Mario)
Monty, tien uit tien. Hierdie lyk
regtig goed. My mond water reeds.

JOUBA
Selfde. Lig hom ‘n bietjie hoër. Jy wil
hom nie hard brand nie.
(terug na Mario)
"Pad terug huis toe..."?

MARIO
(stok en bun sterk aan die beweeg)
Ja, lekker. Yes, sy wou hulle veilig
terug by die huis kry. Toe bou sy ‘n
vuur. ‘n *Meneer* van ‘n vuur. Ene wat
die donker hemel helder verlig. Maar
selfs dit was nie genoeg nie.

MONTY
(na Slabs)
Stuffed Brioche Roosterkoek. Die geheim
is om baie botter te gebruik. Dit maak
die deeg net so titseltjie meer sag en
smaakvol.

SLABS
Met braai relish en kaas binne...
bliksem, ja man!

MONTY
(bloos)
French flair met bietjie boere vernuf.
My eie resep.

MARIO
Hoekom jy ‘n sjef moet word. Sjef
Monto! Screw "Die Plan".
(terug by sy storie)
Vuur.... maar die vuur is nogsteeds nie
groot genoeg nie. Sy gryp toe van die
as met haar kaal hande...

Nou totaal en al verlore in sy storie, beduie Mario met ‘n grypaksie na die kole - met brioche roosterkoek in volg.

MARIO (CONT'D)
...en strooi dit in die lug. Sy fling
dit!

Met een kleilat beweging tref Mario se roosterkoek die kole. Flitse verbrande sekelbos SKIET die lug in! Almal val agter toe en koes.

JOUBA & MONTY
Woa!

SLABS
Meintjies!

Mario spring op en vorentoe om sy bun te red.

MARIO
Nee! Shit. Shit. Shit. Shit. Shit. Shit. Shit!
(gryp mis)
Help. Slabs, Jouba-boera!

Monty, Slabs en Jouba kyk hoe die sparks letterlik verby hul vlieg. Nogal poëties.

SLABS
(terg)
Jy het hom, Mario. Amper daar...

JOUBA
Dalk jou hande in druk.

MARIO
Varksteaks. Shit. Stupid. Die ding brand.

MONTY
Te laat.

JOUBA
27 minute...

MARIO
Fok 27.

Mario trek ‘n tekkie uit en gebruik dit om die gekoolde roosterkoek te probeer red.

Jouba, Slabs en Monty vat rustig happe aan hulle s'n. Sê niks. Kyk net, geamuseerd. Hulle laat die stilte die praatwerk doen terwyl Mario sy verbrande bun op tel, afvee en skoonblaas.

MARIO
Bul maak ‘n plan.

Die ander drie smul nog met oë op Mario.

MARIO (CONT'D)
Sal werk. Moet werk.

‘n Hap. Krake en krummels breek af. Mario sluk hard en hergroepeer.

MARIO (CONT'D)
(afgesit)
...met haar kaal hande strooi sy die as in die lug om ‘n gloeiende pad te skep vir die jagters om te volg. Hoe die melkweg ontstaan het. Volgens die boesmans.
(gaan sit)
Dankie. Vir niks.

Stilte, dan bars die ander drie uit van die lag.

Na ‘n paar minute vee Jouba sy lagtrane af en gaan sit langs Mario.

JOUBA
Pad terug vind. Is pretty cool.

Hy vryf sy boetie se hare nog meer deurmekaar.

JOUBA (CONT'D)
Twee vir die pad?

SLABS
Julle waai reeds, nou al?

Mario - met seer ego - stap na sy rugsak en sleep dit nader. Hy druk sy hand in en gooi ‘n ONGEMERKTE BOTTEL elk vir Slabs en Monty wat dit vang. Hy handig ene vir Jouba en een vir homself.

JOUBA
(ingenome)
Het hulle gisteraand gefinish. Offisieel die eerstes om te proe. Betyds vir *last day*.

MARIO
(binne-monds)
"Twee Virrie Pad"

SLABS
Hoe nou?

MARIO
(duideliker)
"Twee Virrie Pad".

JOUBA
Ons *brand*. Mario speel nog met design opsies vir ‘n label. Gaan altyd as ‘n pak van twee verkoop of bedien word.

MARIO
Ideaal om te deel of as jy dors is.

SLABS
Eenvoudig. "Twee Virrie Pad, asb." Skerp.
(klap sy hande een keer hard teen mekaar)
Yes, ek like! Die Meintjies-tweeling dames en here!

Twee (groot) duime spring op vir die broers.

SLABS (CONT'D)
Oorweeg julle nog om daai shop in 17de te gebruik?

JOUBA
Net so paar van hierdie eers verkoop, sommer by die mark hierso. Momentum bou.

MARIO
Ons craft improve.

JOUBA
Dan kyk na ‘n permanente spot. Verseker.

SLABS
Sal ‘n onnie-salaris darem dit kan bekostig? Of moet ek liewers iets anders volgende jaar gaan swot?
(knipoog Monty se kant toe)
Dalk iets in, ek weet nie, medisyne.

JOUBA
Sterre kunstenaars drink verniet.

MARIO
(na Monty)
"Die Plan" nog die plan, Dr.Delport? Jy wil nie liewers ‘n Boere-French Bakery langs ons oop maak nie?

JOUBA
Vader weet jy het die talent daarvoor.

MONTY
Meeste sjefs eindig by dodgy side-cafes. Verloor hulle passie tussendeur patties flip. *Ill fatto*. Nee, Die Plan sit nog reg met my - Medies swot. Trou. Spesialiseer. Dan kiddies...

SLABS
(rol sy oë)
...twee dogtertjies, bruin hare. ‘n Jeep vir jou.

MARIO
Navy blou.

SLABS
En ‘n swart beamer vir die vrou. Ons ken hom.

Monty grynslag en bloos.

MARIO
Net solank ons vier altyd weer hier bymekaar kan kom.

SLABS
Volg die sterre, eh Mario?

Jouba lig sy bier na bo.

JOUBA
Op passie, planne en die pad terug huis toe.

Die ouens huldig die heel eerste Twee Virrie Pad amptelik in. Vier bier bottels klink.

Bewus van hul onraakbaarheid by hul Sterreplek vat almal ‘n sluk en.... SPOEG UIT van die sleg!

Ons kyk weer boontoe na die sterre soos die ouens die stilte van die nag in skaterlag en gesels.

DISSOLVE TO:

**INT. STADSWOONSTEL - SLAAPKAMER - DAG**

Ons hoor die gedreun van STADSGELUIDE en dan ‘n SELFOON alarm wat af gaan. Na ‘n ruk soek ‘n swaar hand na snooze.

Later kom ‘n paar voete stadig af vloer toe langs ‘n half-leë pizza boks en twee bier bottels. Nog aan die slaap sleep die voete lomp uit die vetrek BADKAMER toe waar hulle voor 'n enkel wasbak tot stilstand kom.

Ons beweeg op en sien weer vir JOUBA. ‘n Paar dae laas geskeer. ‘n Tipe look wat die anties sal beskryf as... *moeg*.

Jouba kyk na homself in die spieëlkas bo die wasbak. Na so tydjie maak hy die deur oop, vat ‘n pakkie pyntablette en sluk twee, oorweeg, dan nog ene. Spieëlkas toe. Hy sug, trek sy skouers terug, kom regop en beweeg oor toilet toe. ‘n Minuut later kom Jouba uitgestap, verby NOG ‘N SLAAPKAMER, gang af.

Als in die WOONSTEL is passief en grys. Leë mure. Handjievol meubels. ‘n Minimalistiese styl wat koers verloor het.

**INT. KOMBUIS - LATER**

Die ketel kook met Jouba wat daarna staar. Oë nog dof. Hy kyk op en let sy refleksie op teen die mikrogolf deur.

MARIO (O.C.)
Ses suikers. Roer net die boonste twee, s'blief.

In die refleksie fokus ons net agter Jouba op MARIO. Nogsteeds ‘n jong gees, vars aangetrek - die keer met ‘n KOOS DOEP T-hemp aan.

Hy sit by die een klein koffietafel in die vetrek besig om musiek te luister.

Jouba haal ‘n koppie uit, gooi die kookwater met een lepel poeier en los die suiker. Hy vat sy swart koffie en gaan sit by sy broer wie met ‘n stoute glimlag vir Jouba dop hou.

MARIO
Vroeg voëltjie vang al die wurms, of hoe sê ek?

Stadig sluk Jouba aan sy koffie. Sy kop klop terwyl hy al die gesegdetjies wat vanmôre sy kant toe vlieg probeer ignoreer.

MARIO (CONT'D)
Komaan, man. Daai is van my beste materiaal...

Jouba kyk by hul venster uit na die vroegoggend sonstrale wat deur woonstelle en kantoorblokke skyn. Sy oë trek toe, Mario se woorde word dof in die agtergrond.

MARIO (CONT'D)
...vintage-Mario.

Koffie half-gedrink staan Jouba op. Hy kyk oor Mario se skouer na die enigste FOTO in die vertrek: die broers, jonk met ‘n twee pond forel in hulle arms. Smiles van oor-tot-oor. Jouba neem dit in, vryf sy oë, maak sy rug reguit en stap terug slaapkamer toe. Mario wat agterna kyk, besorg.

MARIO
Nog ‘n dag?

JOUBA
Nog ‘n dag.

**EXT. WOONSTELBLOK - STRAAT - DAG**

Jouba kom by die trappe af in chinos en ‘n kortmou groen gholfhemp met naam balkie. Hy trap op die sypaadjie tussen die res van die 8-tot-5s en maak sy pad by die straat af verby ‘n KRUIDENIERSWAREWINKEL, koffieshops en ander kleurvolle ondernemings.

**EXT. HOTEL - INGANG - LATER**

‘n Paar minute later stap Jouba deur die deure van ‘n 3-STER HOTEL.

**INT. HOTEL - VOORPORTAAL - DAG**

DEURMAN
Vroegmôre vir jou, Meneer.

Met ‘n hoflike glimlag stap Jouba verby na die hotel se restaurant waar ‘n paar gaste - meestal gedress in werkspakke en vasgenael op hul selfone - hul budget-ontbyt en discount-koffies klaarmaak.

Hy bestudeer die gaste soos hy sy pad na agter vind, deur die kombuis wat stadig besig is om aan die gang te kom en dan verby ‘n KELNER na sy kantoor toe.

KELNER
Joubert...

Jouba half-knik en stap aan. Hy haal ‘n bos sleutels uit en sluit die deur oop.

**INT. KANTOOR - DAG**

‘n Enkel buislig sukkel om wakker te word.

Ons sien ‘n kantoor net-net groot genoeg vir ‘n lessenaar oortrek met papiere, semi-georganiseerd.

Jouba skuif agter sy lessenaar in en begin sistematies weer orde skep.

KELNER
(staan by deur)
Joubert, a quick one, brother. My girl's in town. Took the early flight in. Daddy-dearest paid. High maintenance that one. Her brother as well. You know he was caught stealing money from...

Ou dokumente en strokies in die drom. Volgende, die boks rekenaar. Jouba buig af om dit aanteskakel, blok die whitenoise ge-gossip uit.

KELNER (CONT'D)
Anywhoo, she's in town. Wants me to take her out. Wine-n-dine her ya' know.

JOUBA
Nee.

KELNER
GINNY can take my 6pm slot. Come on bossman. I'm sure she'll be okay with it. Do a brother a solid.

Die kelner haal sy selfoon uit en wys ‘n foto van sy girlfriend vir Jouba wat nog sy kop af hou, nou binne sy admin lêer.

KELNER (CONT'D)
A *big* favour, ya know what I mean?

JOUBA
I'm not your brother.
(hy tik op sy naam balkie)
"Manager" - which means I'm also not the boss, man.

Hy teken in op sy rekenaar.

JOUBA (CONT'D)
Which means I *manage* what PATRICIA wants me to manage. And she said no changing of shifts during peak.

Ons hoor ‘n gerumoer van buite. Jouba lig vir die eerste keer sy kop op en kyk deur se kant toe.

KELNER
(probeer oogkontak met Jouba maak)
Mrs. Pat will understand. She listens to you, brothe... Joubert.

Die rumoer buite word harder. Jouba staan op en beweeg deur se kant toe.

JOUBA
No.

Halfpad by die deur uit tik hy op ‘n rooster wat teen ‘n drywall muur ge-prestik is.

JOUBA (CONT'D)
Work schedule was finalised a month ago. No.

Jouba stap aan, nou uit sig.

KELNER
Asshole.

**INT. HOTEL - RESTAURANT - DAG**

Vanuit die kombuis sien Jouba een van die gaste wat baie ongelukkig optree. ‘n Oorgewig BESIGHEIDSMAN in sy 50s, selfoon in hand, is besig om dit soos ‘n wapen aggressief na ‘n KELNER #2 te wys.

BESIGHEIDSMAN
Pateties! Net pateties.

Hy maak opera-agtige gebare.

BESIGHEIDSMAN (CONT'D)
Ek het die wêreld al deur gereis. Meer lande, boetie, as wat jou ander-kant-die-treinspoor-opvoeding jou ooit sou van kon leer. En nog nooit...

Jouba beweeg nader, hande agter sy rug. Statig.

BESIGHEIDSMAN (CONT'D)
(tik op sy selfoon)
Weet jy wat ek aan die plekkie kan doen? My invloed!

JOUBA
Meneer.

BESIGHEIDSMAN
(gesels nou in foon)
ADVOKAAT ADRIAANSE. Dis ou Jaap hierso. Doen my ‘n guns ou vrind, skryf en stuur vir my ‘n ou prokureursbriefie, man.

JOUBA
Meneer. My naam is Joubert Meintjies. Ek is die bestuurder hier. Kan ek...

BESIGHEIDSMAN
(nog in foon, let vir Jouba op)
Ja, nou is hulle bestuurder snotkop mannetjie hier voor my.
(luister)
Ja, ek neem *als* op.

KELNER #2
(fluister na Jouba)
Die Meneer se stoel het gebreek toe hy sit. Nie geval nie, net geskrik.

Jouba neem dit in terwyl die man verder praat en beduie. Hy kyk die man op en af, oorweeg sy opsies.

JOUBA
Dink jy ons moet vir die meneer ‘n rusbank iewers kry?

Beide kelner en omgekrapte man kyk na Jouba met ‘n verbaasde uitdrukking.

BESIGHEIDSMAN
Kom weer?

JOUBA
En bring ook ‘n nat lappie vir die meneer se voorkop. En ‘n glasie suikerwater, asseblief. Lou water.

Die kelner huiwer en dan trippel hy kombuis toe. Die besighheidsman se gesig is nou donker rooi. Jouba tree nader.

BESIGHEIDSMAN
Ek sal julle... vir jou...

JOUBA
Meneer.

Jouba hou skerp oogkontak met die man, praat berekend.

JOUBA (CONT'D)
Ons kry drie tipes gaste hier. Gaste wat gelukkig is, gaste wat ongelukkig is en dan gaste wat onredelik is. Vir die eerste twee beweeg ons hemel en aarde om hulle tegemoet te kom. Maak nie saak wat die versoek is nie.

BESIGHEIDSMAN
(wys die selfoon aanvallend na Jouba toe)
Mannetjie, ek het my advokaat pêl op die lyn, hy hoor als. Hy gaan jou verniel, elke sent uit...

Sonder waarskuwing GRYP Jouba die selfoon uit die man se ronde hande. Die man spring kwaad vorentoe om dit terug te vat, maar Jouba steek sy hand ferm na voor uit, stop hom in sy spore.

Jouba hou oog kontak terwyl hy die foon stadig na sy oor toe lig.

JOUBA
(in foon)
Joubert Meintjies hier.

Ons hoor nie die stem aan die ander kant van die lyn nie.

JOUBA (CONT'D)
Ja, ek verstaan.
(luister)
Is reg so.

Terwyl hy luister hou Jouba die die besigheidsman, wie se gesig nou bleek soos ‘n spook is, dop.

JOUBA (CONT'D)
Okay dan. Wel, baie sterkte vir jou.
(luister)
Mooi bly. Totsiens.

Jouba druk die foon neer.

BESIGHEIDSMAN
Ek...

JOUBA
Die derde tipe gas, die onredelikes, in my ervaring, is vol drama maar sonder inhoud.

Hy handig die foon terug aan die man wat droëbek staan.

JOUBA (CONT'D)
Meneer, jou *dogter* vra diep omverskoning vir jou gedrag.

Hy laat dit insink. Die kelner hou sy lag in. Die man se lippe kurkdroog.

JOUBA (CONT'D)
Ek is jammer oor die stoel. Die onkostes en ontbyt is op ons. En nou, nou gaan ek jou vra om die perseel te verlaat.

Die man oorweeg sy opsies vir so ‘n paar sekondes dan buk hy af, vat sy tas en storm-loop uit. Jouba hou hom dop tot die man by die hotelvoordeure uit is dan draai hy om, terug kantoor toe.

KELNER #2
Hoe? Wat as? Hoe... hoe het jy geweet dit was sy dogter, nie die attorney nie?

JOUBA
Einstein se callerID het ‘Sussa' gelees. Gesien toe hy beduie.

KELNER #2
Sussa?
(lag hardop)
Sussssieee!

Amper by sy kantoor draai Jouba na die kelner wat nog by sy deur wag met gekruisde arms en tob.

JOUBA
Pat asked me to take a couple of personal days from tomorrow. I'll come in a day earlier to cover for Ginny, then Ginny can help you out - *as* dit nog reg is met haar.

Die man is duidelik verlig en wil nog vir Jouba dankie sê wanneer Jouba se selfoon lui. Hy kyk af en sien die DERDE MISSED CALL van sy MA, gevolg met 'n rooi hartjie emoji boodskap. Hy ignoreer dit, skuif weer agter sy lessenaar in, kop af en werk verder.

**INT. HOTEL - VOORPORTAAL - AAND**

Dit is laataand en die restaurant doodstil. Jouba sluit sy kantoordeur, tyd om huis toe te gaan.

DEURMAN
Nog 'n laataand vir jou, Meneer? Sambreel?

Hy knik hoflik totsiens terwyl Jouba by die deure van die hotel uitbeweeg.

**EXT. HOTEL - STRAAT - AAND**

Dit reën liggies soos Jouba buite tree, woonstel se rigting toe. Op pad, skenk Jouba 'n take-away pakkie aan 'n bejaarde hawelose man.

**EXT. STRAAT - LATER**

Amper terug by hul woonstel blok tree Jouba by die plaaslike KRUIDENIERSWAREWINKEL in.

**INT. KRUIDENIERSWAREWINKEL - AAND**

Die klokkie van die winkeldeur lui wanneer Jouba instap.

WINKELEIENAAR
Busy day?

JOUBA
(knik)
Mom and baby healthy?

Jouba half-luister en beweeg aan rakke toe vir brood, melk en ‘n mikrogolf-ete. Hy stap oor yskas toe om ‘n sespak bier te kry en let ‘n nuwe reeks CRAFT BIER op wat vertoon word.

Op daai oomblik kom Mario ook die winkel binne.

MARIO
(na winkeleienaar)
More, more.

Entoesiasties stap hy oor na Jouba toe en sien wat Jouba sien.

MARIO
Eina. Geen verbeelding nie.

JOUBA
Wie dink die goed uit?

Ons lees *Crafties* op die bannier met ‘n cut-out van ‘n semi-geklede model in konstruksieklere wat die bier aangeplak geniet.

Jouba skud net sy kop en beweeg aan.

Mario bly agter en met speelse flirtasie bestuudeer hy die vertoonkas verder.

MARIO
(kyk nou na die label op een van die bottels)
Proe ook seker soos ‘n bousite.

Al ‘n entjie verder stop Jouba ewe skielik botstil in sy spore.

MARIO (CONT'D)
(nog by vertoonkas)
Ons het ‘n wenner gehad reken ek, hey Joeb-Joeb?

Die hare op sy nek is rys terwyl Jouba deur die winkelvenster na buite kyk.

JOUBA
Nee, onmoontlik.

**INT. KRUIDENIERSWAREWINKEL - AAND**

Deur die winkelvenster sien ons vir SLABS, op sy selfoon, heen en weer voor die winkel stap en gesels. Hy merk nog nie vir Jouba op nie. Na so ‘n ruk druk Slabs die foon dood, sit dit in sy sak en stap die winkel binne.

Die winkel klokkie lui. Slabs staan by die toonbank. Hy lyk nog baie dieselfde, hare langer en gesig ouer, maar oor die algemeen lyk hy ontspanne met sy cargo-pants en kraaghemp.

SLABS
(by winkeleienaar)
Peter Stuyvesants 20s, please. One.

Jouba maak homself klein en begin stadig dieper die rakke in beweeg.

SLABS (O.C.)
Jouba'tjie?

Ons sien vir Slabs nou na Jouba toe gedraai. Die twee vriende maak ongemaklik oogkontak. Dit neem ‘n oomblik dan beweeg hy na Jouba toe.

SLABS
Mnr. Meintjies. Wragtag.

Skouers terug en rug regop, forseer Jouba ‘n smile.

Slabs steek sy arms uit om vir sy vriend te bear-hug maar daar is ‘n deurskynende muur tussen hulle. Slabs trek terug, half-steek sy hand uit maar besluit ook daarteen. Jouba, nog van stryk, kap halfhartig tog vriendelik vir Slabs op die skouer.

JOUBA
Slabbert. Jy... jy lyk goed.

SLABS
Van al die plekke.

JOUBA
Ja, nogal. Jammer, ek het lanklaas...
jy weet mos, werk... en dinge. Besig.

Sy woorde is buitengewoon hakkerig. Hy fokus en probeer sy aandag na Slabs toe skuif.

JOUBA (CONT'D)
Jy in die stad? Werk, plesier?

SLABS
Yes... ja, ek bedoel, ek is hier vir ‘n ding. Net so paar dae dan vat ek die lang pad terug huis toe.

Jouba soek vir Mario, sy aandag nie by Slabs nie.

SLABS (CONT'D)
Ek is koshuismeester. Kan jy glo? Dit is nogal ironies. Dieselfde plek waar ek amper gepluk het, merk ek nou. Ander kant van die klaskamer.

JOUBA
Pas jou.

SLABS
Ja, wel, ek weet nie. Kids. Dit is anders as wat ek gedink het... net... *anders*, verstaan? Hulle kyk reg deur jou...

JOUBA
Moet ons... uhm... solank betaal?

Jouba beduie kassier se kant toe.

JOUBA (CONT'D)
Het nog so paar draaie wat ek moet...

‘n Ongemaklike stilte vul die lug.

SLABS
Yes. Ja, reg. Reg. Natuurlik.

Hulle betaal maar staan nog stil by die kassier. Slabs se frons hou vir Jouba dop, wat hard probeer om nie oogkontak te maak nie.

JOUBA
Jy... uhm... jy reeds betaal?

Slabs knik en hulle beweeg by die deur uit.

**EXT. KRUIDENIERSWAREWINKEL - STRAAT - LATER**

Buite op die nat sypaadjie staan die manne. Slabs haal ‘n skyf uit. Jouba se voete jeuk.

JOUBA
Wel, was vinnig maar ek moet...

SLABS
Lekker om jou ook weer te sien, Meintjies.

Geen beweging tussen die twee vriende, net die koue aandwind wat sy buiging maak.

Slabs kan homself nie meer inhou nie en gooi sy arms om Jouba, gee hom ‘n groot druk. Jouba se rug trek styf.

SLABS (CONT'D)
Fokkit. 3 jaar, tjom. 3. *Jaar*. Sonder ‘n woord.
(vee ‘n traan af)
Dit voel soos gister, maar is ‘n ewigheid. Mario... jy... hoe gaan dit, Joubert?

Binne is Mario op pad kassier toe, salig onbewus van die onbeplande reunie.

JOUBA
All good. Goed, ja... als goed. Bly hier naby. Solid werk. Gesond. Gaan goed.
(verander onderwerp, weer)
Monty? Hoor jy... sien jy?

Slabs kyk besorgd na sy vriend.

SLABS
Goed.... *goed*, ja. Ou Monty lewe sy plan. Hoe anders? Hy is eintlik hier by jou in die stad. 3de jaar medies. Reeds ‘n girl. Nice girl. Sweet, slim.
(steek sy sigaret aan)
Dit lyk ernstig. Ons kom juis more oggend bymekaar om op te vang.

Sy oë rek oop met ‘n idee. Jouba weet wat kom, reeds reg met ‘n exit-lieg.

SLABS (CONT'D)
Hy sal jou bitter graag wil sien. Ek ook! Weer opvang. Hoekom join...

JOUBA
Ek... ek weet nie... ek moet more oggend vroeg oopsluit. Jammer. Ek...
(rug trek styf)
Jy weet.

SLABS
Kom aan, man. Jouba, jy en Mario...

JOUBA
Ek kan nie.

Die hakkerige gesprek staan einde se kant toe vir Jouba. Hy kyk pad af, trek weer sy skouers terug en plak ‘n smile aan. Slabs kyk met erns na hom.

JOUBA (CONT'D)
Word laat, ek moet...
(begin agter toe beweeg)
Was lekker om jou weer te sien, ou grote.

SLABS
Joubert...
(huiwer)
My ou toppie. Hy is siek, glad nie lekker nie. Hy staan einde se kant toe. Die dop. Die *fokken* dop. Dit het Kaptein Slabbert uiteindelik ingehaal.

JOUBA
Shit... jy... ek, ek het nie geweet nie. Dit kan nie maklik wees nie. Dit moet... ek is jammer, Slabs. As daar enigiets is...

SLABS
(hergroepeer, haal diep asem)
S'okay. My nommer. Dit is nog altyd dieselfde. Jy het hom nog, *reg*?

Vir die eerste keer kyk Jouba met sagtheid na sy vriend, hy knik sy kop, sukkel om nog ‘n woord te vind. Dan breek Slabs die stilte namens hulle twee.

SLABS (CONT'D)
Wakker word, Joubs. Dit is tyd.

Die intensiteit is tasbaar. Slabs hou oogkontak met Jouba. Na ‘n asem of twee draai hy om en stap pad af.

Net op daai oomblik kom Mario by die winkel uitgedraf, hy sien vir Slabs.

MARIO
Was dit... ? Waar-agties.
(roep agterna)
Slab-Yster!

Nou al ‘n ent by die straat af draai Slabs ‘n laaste keer om. Mario stuur ‘n langafstand strongman-pose sy kant toe. Slabs trek ‘n half-smile, skud kop en vat die pad verder.

MARIO (CONT'D)
(aan Jouba se sy, opgewonde)
Grootvoet uit die bos.

Jouba kyk nog straat af en na ‘n sekonde of so draai hy die teenorgestelde rigting in.

JOUBA
Watookal.

**INT. STADSWOONSTEL - LEEFAREA - LATER**

Die geritsel van sleutels en dan sien ons die voordeur oopswaai. Jouba stap deur, hot-n-bothered, gevolg deur Mario wat die deur per ongeluk oop los.

JOUBA
Nee man!

Hy wip sy gat, stap terug en moer die voordeur toe. Mario kyk na sy broer, onseker.

Jouba gooi die inkopies, selfoon en sleutels neer. Stap televisie toe skakel dit aan. Sit. Staan weer op. By die yskas. Kyk binne. Niks. Stap kamer toe. Terug in leefarea, maak venster oop. Onrustig.

MARIO
Was bietjie rof. Sy dad, baie geskiedenis daar. Slabs trek swaar, Joubert... jy ook.

Verdwaal in sy gedagtes, skuif Jouba heen en weer deur die woonstel. Hy stop en kyk na sy selfoon. Oorweeg iets. Gaan sit weer op die enigste dubbel sofa in die vertrek.

MARIO (CONT'D)
Jy voel dit.

Jouba neem Mario se woorde in, wroeg, spring op, weer by sy selfoon, wik en weeg nog dan soek hy Slabs se naam. Jouba tik.

Ons sien op Jouba se selfoon SKERM: | Jammer ek... (delete) | Liewe Slabs... (delete) | Verskeie emojis... (delete)| Dit neem so paar sekondes dan settle Jouba op | Dink aan jou. Sterkte |.

Hy kyk weer na sy boodskap, op na Mario toe wat goedkeurend knik, dan stuur Jouba die boodskap.

Jouba asem diep in, rol sy skouers terug en asem uit.

JOUBA
Is gedoen.

Hy gooi die selfoon op die tafel neer en beweeg slaapkamer toe vir die aand.

CUT TO:

**INT. STADSWOONSTEL - SLAAPKAMER - AAND**

Dit is later, die ligte is af, woonstel stil. Jouba is toegedraai in sy kombers, vas aan die slaap.

**INT. STADSWOONSTEL - LEEFAREA - SELFDE**

Ons beweeg oor leefarea toe waar ons Jouba se selfoon op die tafel sien. Die skermliggie gaan aan. ‘n Reeks boodskappe kom deur van Slabs.

Selfoon skerm: | Pa glad nie goed nie | Ry more weer terug | Kom saam | ASB. | Fokkit | KOM saam! | More oggend daarso. |

Weg van die selfoon en ons kyk uit by die woonstelvenster by die ander geboue verby, op na die STERRE ver bo.

DISSOLVE TO:

**EXT. DORP - MARKPLEIN - LAAT AAND**

Terug in die verlede, sien ons die nag se sterre bo die DORP. Bright en beautiful. Ons beweeg af en is weer terug by Jouba en Mario wat van hul sterreplek kom, rustig aan die stap oor die grasperk van die dorp se sentrale MARKPLEIN.

MARIO
"Boetiek Bier Brouery". Rol so mooi van die tong, doen dit nie? Wel, ons het ge-"brou". Dit is tegnies "bier"...

JOUBA
Definitief nie "boetiek" geproe nie.

MARIO
Ons was te haastig met die fermentasie.

JOUBA
Verseker. Ook nog vinniger afkoel dink ek.

MARIO
Maar...

JOUBA
Die suurlemoen skille.

MARIO
Die suurlemoen skille.

JOUBA
Te veel.

MARIO
(trek sy gesig suur)
Heeltemal te veel.

**EXT. DORP STRAAT - BUURT - LATER**

Die broers verskyn en verdwyn soos hulle onderdeur die handjievol straatligte stap wat eenvoudige sandsteenhuise aan weerskante van ‘n breë enkelpad vergesel.

MARIO
Het jy regtig nog jou kop op die 17de?

JOUBA
Jip. Net vir die eerste twee jaar.
Klein perseel vir ‘n klein begin.

Mario skop klippies. Antwoord nie daarop nie.

JOUBA (CONT'D)
Soos ‘n coiled spring.

MARIO
"Kronkelveer".

JOUBA
(grap-stamp vir Mario)
Soos ‘n *kronkelveer*: hou terug dan trek ons los. Gaan groot. Hoe vinniger ons stad toe kan gaan en met die kettingwinkels praat, hoe beter. Verseker aanlyn ook doen, uitvoer buiteland toe.

MARIO
Ambisieus.

JOUBA
Is die enigste manier.

MARIO
Haastige hond verbrand ook vinnig sy tong.
(skop nog ‘n klippie)
Daar is niks fout met klein nie. Passie bly in klein.

JOUBA
Uh uh, stilstaan is doodstaan.

Jouba en Mario staan nou stil by die oprit van hulle OUERHUIS - ‘n netjiese sandsteen ontwerp met ‘n tuin wat met baie liefde versorg word.

JOUBA (CONT'D)
Gepraat van stilstaan.

**EXT. MEINTJIES HUIS - OPRIT**

Jouba begin na die afdak langs die motorhuis stap.

JOUBA
Ek wil gou by ROOIES inloer. Dad het extra spesiale aandag aan haar gegee. Gesê sy is weer reg. Reg om ons more te vergesel.

MARIO
(glimlag)
Ek is seker sy sal mooi na ons kyk, maar ek is okay. Ek wil gou vir Mams hallo sê voor sy waai vir haar aandskof.

Mario draf na hulle voordeur en verdwyn binne die huis.

**EXT. MEINTJIES HUIS - AFDAK**

In die wit skyn van ‘n buislig rus ‘n voertuig onder ‘n diep groen seil. Jouba beweeg stadig om die kar terwyl sy vingers die buitelyne inneem. Die opgewondenheid groei soos hy die seil versigtig begin oplig wanneer sy selfoon lui.

JOUBA
(een hand op die seil, die ander met selfoon teen oor)
Slabs. Slabs!?
(luister)
Stadig. Staaadig.

Ons hoor nie vir Slabs aan die anderkant van die lyn nie maar Jouba se verandering in uitdrukking sê als.

JOUBA (CONT'D)
Bliksem. Ja. Ek kom nou. Nou dadelik. Byt vas.

Die seil is af nog voor die oproep klaar is. Jouba spring agter die wiel van ‘n opgeknapte ROOI 1970 FORD CAPRI PERANA - hul pa se ‘baby'. Jouba - duidelik gemaklik agter die stuurwiel - weet waar die sleutels is. Hy gryp dit onder die bestuurder sitplek uit, skakel vir ROOIES aan wat brul. Jouba is gefokus en ons sien die ikoniese V8 haastig by die Meintjies oprit uit jaag.

**EXT. SLABBERT HUIS - STRAAT - LATER**

Die buitekant van die SLABBERT HUIS is sigbaar. ‘n Soortgelyke ontwerp as die Meintjies-huis s'n, net kaal en alleen in die donker.

Die voorstoep se enkel vuil geel lig is aan en ons hoor geluide van binne van ‘n man - SLABS SE PA - wat hard en onsamehangend raas.

SLABS PA (O.C)
Draai om! Nou! Hierdie godelose strate, draai om! Weg! Weg is ons!

Ons fokus is nog op die Slabbert-huis van buite met die gebreek van glas en meubels wat kwaai omgestamp word, wat die nag se rus breek.

Dan hoor ons Jouba wat aankom en hard op die Slabberts se grasperk rem. Hy klim haastig uit, hoor die rumoer en wil voordeur toe begin stap wanneer dit oopswaai. Slabs kom vinnig, kop af uitgestap.

SLABS PA (CONT'D) (O.C.)
Kinders. Hulle is kinders, Here! Kyk na hulle, hulle oë. Hulle oë!! Duisende, dit skree! Weg is ons!

SLABS
(by Jouba, maak nie oogkontak nie)
Kom. Hy is vanaand weer op die strate.

Jouba kyk na Slabs wie se skoolhemp duidelik rondgepluk is, sy oë rooi en moeg met ‘n lelike sny op sy regter wang. Slabs klim by die passasiers kant in met Jouba wat volg.

Hulle kyk ‘n laaste keer weer na die huis se kant toe en hoor hoe Slabs se pa aanhou baklei, nou met ‘n spookhuis.

SLABS (CONT'D)
(gesig wat klop)
Jouba. Kom... asseblief.

Die ouens ry weg, weg van die duiwelse geraas.

**INT. ROOIES - SKOOL PARKEER TERREIN - LATER**

Slabs en Jouba sit binne Rooies, nou afgeskakel, op die hoërskool se gronde en kyk uit oor die hoof rugbyveld wat wegkruip onder vier spreiligte.

Met ‘n lap teen sy wang staar Slabs deur die voorruit. Die stilte binne Rooies help om die aand se gebeure te verwerk. Na ‘n ruk vibreer Jouba se selfoon.

JOUBA
(kyk af na selfoon)
My dad. Vra oor Rooies.

Slabs se oë knip nie.

JOUBA (CONT'D)
Net vir hom sê ek is hier by jou, emergency.

Sy duime stuur ‘n kort antwoord terug.

JOUBA (CONT'D)
Hy sit cozy op sy stoep. Kla oor niks. Nooit. Maar laat sy geliefde rooikop net iets oorkom...

SLABS
(binnemonds)
Nee.

Jouba kyk na Slabs wat keel skoonmaak en regskuif, sy hande wat nog die adrenalien voel.

SLABS (CONT'D)
Nee. Jou pa... jou pa doen dinge reg.

JOUBA
Reg, maar gemaklik. Prof Meintjies kon al groot dinge bereik het maar hy hou van als... *gemaklik*. Doen net wat nodig is, jy weet?

SLABS
Jy verwag meer van hom?

JOUBA
Nee... miskien. Ek weet nie. Stilstaan maak ‘n man moeg.

Slabs haal die lap van sy wang af, trek sy kake styf.

JOUBA (CONT'D)
Hy kan soveel meer vir homself doen... vorentoe beweeg.

‘n Kort afkeurende-lag, Slabs skud sy kop.

JOUBA (CONT'D)
Ek weet hy doen baie vir *ons*...

BAM! Slabs slaan die kar se paneelbord met die onderkant van sy vuis wat Jouba behoorlik van kant gooi. Hy draai na Jouba en kyk met ‘n ongewone intensiteit direk in sy oë.

JOUBA (CONT'D)
Slabs, ek...

SLABS
Nee! Nee. Nee... ek...

Slabs druk die adrenalien na onder en lig sy hande stadig op.

SLABS (CONT'D)
Ek het my pa se hande.

Hy bestudeer die vorm van sy palms, krul sy vingers na binne en dan na buite.

SLABS (CONT'D)
Jy onthou my 16de - dit was ‘n lekker partytjie. Jy, Mario en Monty het nog jul eie skuins weergawe van ‘Ruiter Van Die Windtjie' ge-karaoke. Als het vir eens so eenvoudig gevoel. Tyd het stilgestaan… vir so ruk.

Jouba onthou.

SLABS (CONT'D)
Daai aand toe almal weg was... ek, my ma en klein Lienka het begin opruim. My pa was binne. Ons kon hoor hoe hy weer begin regmaak vir die strate. Jouba, jy het al baie hiervan gesien en gehoor, maar hierdie aand was lelik op ‘n ander vlak.
(sy lippe droog)
Ek het die bak vleis wat nie gebraai was nie kombuis toe gedra toe hy my tackle. Gesê ek sal nooit verstaan nie, maar ek *moet* verstaan. Toe gryp hy my gesig met sy een hand.

Slabs sprei sy vingers uit soos ‘n seekat reg om sy prooi te versmoor.

SLABS (CONT'D)
(bedeie met effek)
Hy bliksem my gesig teen die oond se glas deur. ‘Ek moet sien!' Ek kon die glas hoor kraak. Met sy *een* hand, Jouba! Ek kon skaars asemhaal.

Die traumatiese herinnering is duidelik in Slabs se oë.

SLABS (CONT'D)
Met sy vry hand sleep hy sy palms deur die bak en smeer die bloed van die rou vleis teen die kant van my gesig. ‘Jy moet verstaan, kyk!' Oor my mond, deur my hare... sy dik vingers in my neus. Ek kan dit nou nog ruik.

Jouba voel vir jong Slabs. Hy is amper daar met sy vriend.

SLABS (CONT'D)
Dit was die aand wat my ma finaal laat besluit het om haarself en my sussie daar weg te kry. Dit het moerse guts van haar gevat, jy kan dink.

JOUBA
Maar jy het gebly.

SLABS
As ek nie, sou hy ons kom soek het. En hy sou ons kry, 'Kaptein Slabbert'. Met my hier... ten minste was hy nie alleen nie, ek kon hom besig hou. Maar ook... Joubert, ek verstaan.

Jouba is doodstil, luister aandagtig.

SLABS (CONT'D)
My pa, *jou* pa - hulle is 'n gebroke generasie. Sterk, hard, lojaal tot 'n fout teenoor 'hulle' mense. Hulle is gebore in 'n ou wêreld wat nog gewoond was om kinders in 'n worsmasjien van geweld in te druk. 'n Wêreld wat die lyne tussen goed en sleg, moreel en immoreel verblind het. Die vrot idees wat in hulle in geskroef was. Die onmenslikheid van wat hulle gesien het... wat hulle gedoen het.

Die atmosfeer binne Rooies is tasbaar.

SLABS (CONT'D)
As ek en jy toe gebore was, Jouba, sou ons ook reg daarbinne in gewees. Dalk dieselfde foute gemaak het. Maar hulle het geglo hulle baklei om 'n toekoms te verdedig. En hulle het. Kyk net na als - die *gemak* - wat ons nou het. Maar vir party wat daar was, het dit gekom teen 'n prys.

Slabs sit agter toe in sy sitplek. Uitgeput.

SLABS (CONT'D)
Jou pa, Joubs - hy *is* gemaklik. Maar hy was ook daar. Hy weet hoe dinge lyk as dit nie meer gemaklik is nie. Hoe lelik en vinnig dinge kan skeef loop. Wanneer jy opgee na sin soek. Hy het dit gelukkig getref om in ‘n posisie te wees om ‘n keuse te kon maak. ‘n Keuse om julle te spaar van dit als. Maar my pa...
(kyk af na sy hande)
Ek kyk na my hande en ek haat hulle! Want ek sien *hom* en al die kak...

Sy lip bewe.

SLABS (CONT'D)
Maar ek kyk, en ek sien ook sy pyn, die duiwels wat hom rondjaag. Dit is asof elke keer wanneer hy baklei, dat hy vir my van diep agter die uithaak skree van desperaatheid. Desperaat vir vrede, om vergifnis, dat ek moet kyk, kyk watse man ek nie moet word nie. Dat ek ook nie deur pyn gevangene gehou moet word nie.

‘n Vasberadenheid kom oor Slabs se gesig.

SLABS (CONT'D)
Sy prys. ‘n Prys sodat ek eendag nie meer hoef te betaal nie. Wat my kinders en hulle kinders geensins nie sal betaal nie. Die lyn is getrek. Die gebrokenheid stop by my. Dit is in my hande. En nou, nou jaag *ek* die duiwels rond.

Die woorde hang in Rooies.

JOUBA
Slab. *Yster*.

Jouba se ribbes bars met trots.

JOUBA (CONT'D)
Jou ma, Lienka - hulle nog happy?

SLABS
Ons praat amper elke dag nog. My ma is op ‘n rustige plek. En dit vryf af op Lienka. Dit laat my hart lig voel.

Onder op die rugbyveld skop die spreiers aan.

SLABS (CONT'D)
(glimlag)
Hulle is *gemaklik*.

Jouba knik en gee ‘n groot sug van verligting.

JOUBA
Wat ‘n dag!

Die vriende lag hardop terwyl ‘n blink idee Jouba tussen die oë tref.

JOUBA (CONT'D)
Lus om daai duiwels verder rond te jaag?

Sy stoute oë skiet af na die rugbyveld toe. Slabs gryp sy sitplekgordel, knip dit in en trek dit styf vas.

SLABS
Fok ja.

**EXT. RUGBYVELD - AAND**

Die modder spat soos Rooies se 205s lyne sny en draaie kerf onderdeur die spreiers.

Tussen die pale deur, oor die doellyn, op pad half-lyn toe. Hard op die remme, dan ruk die Jouba die stuurwiel na regs.

Gras en grond gryp vas waar hul kan. Slabs ook. Die Capri se V8 wys haar krag behoorlik!

SLABS
(kop vasgepen teen koprus)
Woooooooooo!

Van bo sien ons vir Rooies ‘n nuwe Jackson Pollock verf.

Die ouens geniet dit behoorlik: daai fyn lyn tussen vrees en pure plesier.

Water skiet teen die vensters. Rims wat draai teen 1000 rpms, donker van die modder, gly grasieus oor die veld.

Jouba rat af en trek ‘n lyn na die tien tree - reg om nog ‘n duiwel plat te trek.

**EXT. MEINTJIES HUIS - AAND**

Rooies se enjin kom rustig tot stilstand onder die afdak. Slabs en Jouba klim uit en bestudeer hul handewerk van buite.

SLABS
(voeltjie-fluit)
Doen eers. Vra om verskoning later.

JOUBA
Totaal die moeite werd.

SLABS
Die modder op die bande gaan hard word. Jy sal hulle more moet afhaal en skrop, ou maatjie.

JOUBA
(knik)
Bakwerk, vensters, wiele. Haar behoorlik skrop. Sy moet ons nog more na RENIER SE BYE-BRAAI vergesel. Maar, nou ja, more se worries.

Jouba kyk na sy horlosie en stap voordeur toe.

JOUBA (CONT'D)
(rek sy oë)
Askies, later *vandag* se worries.

SLABS
(staan nog by Rooies)
Dankie Joubert. Vir als.

Hy sluk hard.

SLABS (CONT'D)
Die Meintjies gesin, julle is my family. Julle het al soveel keer julle huis vir my oopgemaak.

JOUBA
Kom, is niks nie. Jy weet mos.

SLABS

Ek is ernstig, Joubert. Geen grappies. Julle is my mense. Ek sal my als gee vir jou, Mario, jou pa, TANNIE D... *als*.

Jouba glimlag in erkenning en wys huis se kant toe.

Op daai oomblik maak die voordeur oop met PROF MEINTJIES in sy nagklere wat wag. Jouba stop vir ‘n sekonde en dan tree hy op die voorstoep.

JOUBA

Naand pa. Jammer, moes...

Jouba kyk na Slabs toe.

Prof Meintjies kyk vir so ruk na Jouba, gee ‘n sug en dan vryf hy Jouba se hare deurmekaar en trek hom op die skouer die huis binne. Hy kyk bekommerd oor na Slabs.

PROF MEINTJIES

Johan, seun, is jy okay?

SLABS

Ja oom, dankie oom. Ek is nou.

PROF. MEINTJIES

(wys vir hom na binne)

Goed. Goed. Ek is bly. Jy slaap hier vanaand, verstaan? Het jy al iets geëet?

Soos die deur toe gaan onthou Prof. Meintjies ‘n laaste iets.

PROF. MEINTJIES (O. C)

My rooikop nog in een stuk?

**INT. MEINTJIES HUIS - VERSKEIE VERTREKKE**

Ons volg vir Slabs deur die Meintjies huis:

Meubels en ornamente wat met ‘n sagte- tog kunstige-oog uitgekies en geplaas is, vul elke vertrek.

Twee bergfietse teen ‘n enkel muur met verskillende groottes geraamde fotos van die Meintjies familie wat die prentjie inkleur. Ons fokus op ‘n foto van Jouba en Mario veilig in die arms van hul ma tydens hul geboorte.

‘n Boekrak vol met boeke oor filosofie, fiksie en toergidse van regoor die wêreld. ‘n Teleskoop wat teen hom lê.

Entoesiasties kom Mario by die gang afgedraf om vir Slabs te groet.

Alhoewel dit baie laat is, is daar ‘n warm gasvry energie in die huis.

**INT. MEINTJIES HUIS - EETKAMER - LATER**

Prof. Meintjies stap na die agterplaas met tabak en pyp in die hand. Jouba kom met twee borde vol lasagna en plaas dit neer op die eetkamer tafel.

SLABS
Tannie D se special.

MARIO
Dit proe ekstra lekker 1 uur in die oggend.

JOUBA
(vurk reeds in mond)
Spring in, Slabs.

Mario steel ‘n vinnige hap uit Jouba se bord wat te laat met sy vurk na Mario se vingers kap.

MARIO
(mond vol)
Ogies oop, magie reg vir nog.

**EXT. MEINTJIES HUIS - AGTERPLAAS - AAND**

Prof. Meintjies sit buite op sy donkerblou stuklap lazyboy, oë toe en trek stadig aan sy pyp. Na so ruk kom Jouba uitgestap.

JOUBA
Tyd vir ons om die kussings te slaan, dad.

PROF. MEINTJIES
Julle sterrekykers toe nog dames gevind?

JOUBA
Pleiades. Monty het haar gekry. ‘Piaf se dans' gedoop.

Prof. Meintjies knik goedkeurend, trek aan sy pyp.

PROF. MEINTJIES
Edith Piaf, betowerend.

Die Prof voeg ‘n ekstra knippie tabak by.

PROF. MEINTJIES (CONT'D)
(verlore in nostalgie)
Daar is vir my niks so mooi soos om jou ma verlore in La Vie En Rose te sien nie. Die vroulike gees op sy vryste - *majestic*. ‘n Uitnodiging om haar op ‘n avontuur te neem.

Hy kyk uit die hoek van sy oë na Jouba.

PROF. MEINTJIES (CONT'D)
Sê vir my seun, klop jou hart nog avontuur?

Jouba knik. Hy verwonder hom aan sy pa wat diep in sy lazyboy die hemelruim bestudeer en met homself filosofeer.

JOUBA
Pa lyk... *gemaklik*.

Hy glimlag en trek die glasdeur toe.

JOUBA (CONT'D)
Rustig slaap. Pa verdien dit.

DISSOLVE TO:

**INT. STADSWOONSTELGEBOU - GANG - OGGEND**

Met ‘n cappuccino en iets lekkers vir ontbyt kom Jouba by sy voordeur aan. Hy sluit oop en tree - heelwat minder geïrriteerd die keer - die woonstel binne.

**INT. STADSWOONSTEL - KOMBUIS - OGGEND**

By die kombuis toonbank druk Jouba sy gesig amper binne die papiersak in en ruik die lekkerte. Hy draai om en haal ‘n bord en mes uit, stap yskas toe vir botter en jam en dan druk hy sy hand binne in die sak en haal TWEE vars gebakte BRIOCHE uit.

Asof die reuke hom geroep het, kom Mario by sy kamer uitgestap en klap-en-vryf sy hande saam soos die soet bakkery geure hom groet.

MARIO
There is no love more sincere...

JOUBA
...than the love for food.

MARIO
Waarvan ek praat! Is die klein dinge, right!?

Sy elmboë lê nou op die toonbank, gesig bo-oor die brioche.

MARIO (CONT'D)
Nog ‘n dag?

JOUBA
(in ligte luim)
Nog ‘n dag.

MARIO
Dit voel beter, doen dit nie? Daai boodskap het gehelp, mos gesê.

Terug aarde toe, onthou Jouba weer van sy foon wat van die vorige aand af nogsteeds op dieselfde plek op die tafel lê. Hy stap nader en tel dit op. Die skerm is swart, battery pap.

JOUBA
(soek rond)
Laaier, waar...

Hy stap na die klein tafeltjie met die fotoraam en foto van die broers op wat Jouba raaksien, sy uitdrukking word weer hard.

MARIO
Boonste laai.

Jouba snap uit homself uit, trek sy rug regop, rol sy skouers terug, maak die laai oop en druk die kragkabel in die selfoon in. Dit vat so ‘n paar sekondes dan word die welkom skerm wakker.

Ons hoor ewe skielik die SKERP BUZZ van die woonstel klokkie. Beide Jouba en Mario skiet verbaas ‘n kyk na die interkom.

MARIO
Daai ding werk!?

Hulle huiwer vir ‘n oomblik, dan: BUZZZZZ. Nog ‘n keer.

MARIO (CONT'D)
Wragties.

Naaste aan die interkom, stap Jouba nader en druk die antwoordknoppie, sê niks. ‘n Oomblik se stilte.

SLABS (O.C.)
(deur interkom)
Jouba?

Vinnig vorm ‘n holkol in Jouba se binneste.

SLABS (O.C.) (CONT'D)
Hallo? Maak oop asseblief.

Jouba se brein is te stadig om sy hand te keer om die sekuriteitshek onder oop te buzz. Hy tree agtertoe om asem te haal.

Asof hulle die voetstappe by die trappe op voel naderkom, staar hulle na die deur - Mario opgewonde, Jouba senuagtig.

Stilte, dan die klop aan die deur.

JOUBA
(forseer ‘n smile)
Welkom!

SLABS (O.C.)
(aan anderkant van die deur)
Uhm, dankie. Maar kan jy eers oopmaak?

Die skaamte van Jouba se aanplak reaksie tref hom tussen die oë.

MARIO
(fluister-lag)
"Welkom"- ?

Jouba skud dit af en sluit die deur oop. Ons sien vir Slabs die deurraam vol staan, sy oë (en geligte wenkbrou) probeer vir Jouba lees.

JOUBA
*Welkom.*

Uit die blokke, groet en spring Slabs vorentoe.

SLABS
Kom, kom. Jy klaar gepak?

MARIO
Road trip?

Onmiddelik begin Jouba een en een bymekaar sit wanneer Slabs verby hom gang se rigting toe beweeg met Mario agterna.

SLABS
Ons het dan gepraat. Gisteraand.

MARIO
Road trip!

Jouba kyk weer af na sy foon en sien die boodskappe. Sy gesig wys kalm en in beheer maar sy kop probeer ‘n uitweg vind.

MONTY (O.C.)
Haai meneer.

Onverwags sien Jouba vir MONTY by die voordeur verskyn met ‘n stil hand in die lug wat hallo waai. Hy is netjies nog soos altyd, stylvol, met dieselfde handelsmerk pet (korrek geshape), hemp (ingesteek) en spierwit sneakers.

Jouba wil groet, maar sy woorde verlaat hom.

MONTY (CONT'D)
(nooi homself in)
Netjiese plekkie.

Hy sien die brioche op die kombuis tafel, kyk na Jouba met ‘n nostalgiese glimlag, stap nader en tel ene op om die gebak te beoordeel.

JOUBA
Nou nie sjef Monty kwaliteit nie.
Lanklaas gesien, Monty.

MONTY
Korrek, hier is ons. Die span weer saam.

Hy lig die brioche op.

MONTY (CONT'D)
*Salute*.

Jouba wil nog iets sê toe Slabs en Mario met ‘n toksak vol klere terugkom.

MARIO
(sien vir Monty)
Monty! En toe was ons vier!

JOUBA
Nee. Nee. Slabs, ek weet... jou pa, maar ek kan nie...

SLABS
Ja, jy weet Jouba. Jy *weet*. Wat soek jy? ‘n Rooksein? Blind of bang, of beide, vat daai eerste tree vorentoe... saam my.

MARIO
"Stilstaan is doodstaan."

SLABS
Saam *ons*.

MONTY
My kar is onder - gewas en tenk vol. Ek het self ‘n paar lekkernye vir ons ingesit.

Jouba skuif ongemaklik rond, sy brein en hart probeer mekaar vind.

SLABS
Op reis na môre, onthou?

Hy vat ‘n tree nader in Jouba se spasie in.

SLABS (CONT'D)
Weg van gister.

‘n Groot hand van aanmoediging val rustig op Jouba se skouer.

SLABS (CONT'D)
Asseblief, Joubert.

Jouba se binneste draai. Hy kyk stip in Slabs vas, dan oor na Monty, wat knik en dan na Mario wat ‘n hoopvol glimlag gee.

MARIO
Tyd om huis toe te gaan.

Jouba se kop verwerk nog die reünie, dan kry sy oë nuwe lewe.

**EXT. STADS WOONSTEL - STRAAT - OGGEND**

Op die ligteluim ritme van ‘n lekker saamsing road trip song stap die vier ouens by die woonstel blok uit en beweeg gesellig oor na Monty se JEEP - donkerblou, natuurlik.

By die voertuig, skuif Monty agter die stuurwiel in terwyl Slabs die voorste passassiersdeur oopmaak.

MARIO
Shotgun!

Mario probeer ‘n gaping steel maar Slabs is een stap te vinnig en spring eerste in.

SLABS
Been-spasie-shotgun.

Soos al vier hulle gemaklik maak skakel Monty die kar aan. Jouba se binneste wat nou so ekstra bietjie meer draai is terselfdertyd saam met die ander tentatief opgewonde oor die reis wat voorlê.

CUT TO:

**EXT. PAD (VERSKEIE) - MONTAGE - DAG**

Ons volg Monty se Jeep, nogsteeds op dieselfde road trip song, deur die stad en dan buitebuurte, verby wynplase, op lang oop paaie met groter en groter afstande tussen dorpe.

Tussendeur hou ons die vier vriende binne die voertuig dop.

Partykeer is die ouens aan die gesels. Ander kere weer lekker lag met Monty se lekkernye in hand. Soms is daar oomblikke waar hulle net by die oop vensters uitstaar en die warm wind voel.

Goeie ou ritmes is besig om hul terugkeer te maak.

‘n Stop by ‘n petrolstasie vir brandstof, eet en bene strek, en dan verder op reis.

**INT. JEEP - LATER**

Die son trek water en ons sien vier bande wat met ‘n rustige tempo oor die teerpad beweeg. Binne-in vang ons op met die ouens wat stories ruil.

SLABS
(oor die ander se gelag)
...en as ek reg onthou was die bubble bath jou idee?

JOUBA
Mario en Monty het nog na Oom Stompie se garage toe gedraf om te gaan koop.

MARIO
Die oukies by die garage se gesigte...

JOUBA
(trek ‘n groot smile, onthou)
Dit is reg, ja. Julle het nog die rakke leeg gekoop, elke bottel seep wat julle in die hande kon kry!

MONTY
Dit was Mario se entoesiasme. Hulle uitdrukkings was nog meer prysloos toe hy sy beursie omtiep met ‘n stroom sente en munte wat op die toonbank uitvloei.

MARIO
Damn-skippy! Ou Natie se geliefde gala swembad was officially ‘n foam party.

JOUBA
Foam party vir vier, in die winter! Wat het ons gedink?

SLABS
Ek het in my lewe nog nooit so koud gekry nie.
(kyk terug na Mario en Jouba toe)
Ek onthou net vir Mario wat op ‘n stadium verdwyn het...

JOUBA
...en terug gekom het met ‘n staal vullisdrom.

MARIO
Dit was vrek koud! Meneer Muis was al lankal terug in sy huis. Moes plan maak!

ALMAL
(saam)
"Bul maak ‘n plan!"

Mario stamp Jouba se arm met sy elmboog midde-in-lag.

JOUBA
(vryf sy arm)
Daai bonfire was baie welkom.

MARIO
Askies, "Dromfire".

MONTY
En ons al vier wat rondom die drom trippel, net in ons undies. Toe transformeer Mario se tripple in ‘n dans.

MARIO
(bons op sy stoel, opgewonde)
Kuite na buite!

JOUBA & SLABS
(saam, skatterlag)
Kuite na buite!

MONTY
Soos ‘n marionette met sy vinger in ‘n kragprop.

MARIO
(kap ‘n move sittend)
Mario-net-awesome, is ek reg!

Die ouens se lag vul die kar behoorlik.

JOUBA
(vee sy lag trane af)
Toe kom Natie daar aan en hy sien net skuim, vlamme, onderbroeke en onheilige dansery.

SLABS
Hy was die moer in! Sy kans om uiteindelik ‘n voorbeeld van ons te maak.

MONTY
(kyk in sy tru-spieeltjie na Jouba hulle)
Tannie D was ‘n legend daai aand.

SLABS
Natie wou al ons ouers bel. God weet. Gelukkig het hy eers julle ma gebel, toe sê sy, sy sal die ander inlig.

Slabs verander van posisie, strek sy bene uit.

SLABS (CONT'D)
Toe sy daar aankom.
(draai weer terug na Mario-hulle toe)
Sy het ons gatte gered daai aand.

Jouba se rug voel asof dit in ‘n spasma wil ingaan. Hy sit meer regop, trek sy skouers terug en druk deur.

SLABS (CONT'D)
Sy het vir Natie belowe daar gaan harde gevolge vir ons wees. Saam hom gestem: die jeug van vandag verloor hulle pad, of so iets. En toe hy nog verder wou galbraak toe sit sy hom met styl ferm op sy plek.

MONTY
Jy mors nie met ‘n Trauma Eenheid Suster nie. Altyd vyf stappe voor die res.

MARIO
Toe vat sy ons vir hot chocolate.

JOUBA
(kyk by die venster uit)
Heerlike hot chocolate.

‘n Handjievol wolke breek die laatmiddag sonstrale wat deur die kar se vensters saamkuier.

SLABS
Ah, natuurlik. Die warmste, mees welkome hot chocolate wat ek al ooit geproe het.
(glimlag nostalgies)
Sy het nog vir ons gesê dat dit belangrik is om jonk te bly, al word ons ouer. Net slimmer te werk gaan.

Slabs kyk direk na Jouba wat reeds sien wat Slabs volgende gaan vra.

SLABS (CONT'D)
Jouba, wanneer laas het jy huis toe gebel?

Nuuskierig, volg Mario en Monty die gesprek.

JOUBA
Redelik onlangs, dink ek. So ruk terug.

SLABS
Ek het jou dad by my pa se...

Hy maak keel skoon en berus homself.

SLABS (CONT'D)
Hy was by my pa se slaghuis so ‘n week terug. Hy lyk moeg, jou pa.

Die kar is stil, Jouba probeer hard om die gesprek te ignoreer.

MARIO
Mams het gister juis probeer bel.

SLABS
(bietjie meer ernstig)
Ja, hy se hy en jou ma bel gereeld maar hoor niks van jou nie.

Nou word Jouba stil, hy hou homself terug. Emosies wil wil oor borrel.

SLABS (CONT'D)
Jouba...

MONTY
Die mense om jou is precious, Joubert. Soos ‘n diamant, jy moet...

Genoeg is genoeg. Jouba hap na Monty.

JOUBA
Moet wat? Hoe lank is jy al in die stad? En hoeveel keer het jy by jou "precious mense" kom aanklop, huh? Moet se gat.

SLABS
Hey... nee, Joubert.

MONTY
Ek wou. Al vele kere. Maar weet jy wat dit vat om medies te swot? Die druk...
(sy lippe raak droog)
Soveel... jy het net geen idee...

MARIO
Man het ‘n punt.

JOUBA
Bullshit. Jy en jou idees: jou medies, vrou, kids... jou fokken Jeep! Jou kamstige plan.

Die beste verdeging is ‘n sterk aanval. Jouba sit vorentoe, sy postuur in ‘n konfrontasie posisie.

JOUBA (CONT'D)
Weet jy wat die lewe van "planne" dink, Monty-kie? Niks.

Hy beduie na almal in die kar.

JOUBA (CONT'D)
Duidelik.

Slabs en Mario hou terug. Hulle wil inspring maar kan sien Jouba het spasie nodig om sy sê te sê.

Monty kyk in die tru-speeltjie, bleek in die wange, sy hande trek styf oor die stuurwiel, voet swaarder op die pedaal.

JOUBA (CONT'D)
(kwaai)
Monty - luister na my - jou planne, hulle hang aan ‘n dun draadjie. En jy *klou* aan hulle. Dit defineer jou. Als net om jouself te laat rustig voel, om aandag weg te lei van die harde vrae wat jy jouself moet vra.

SLABS
Jouba, stadig...

JOUBA
Maak jouself los, los van jou poging om jou toekoms te beheer. Al jou bagasie van verwagtinge trek jou net af, af in ‘n diep donker gat...

MARIO
Laat dit gaan, Jouba. Monty - *almal* - is en was nog altyd hier. Jy was die een...

Monty en Jouba hou oogkontak oor die tru-speeltjie.

JOUBA
Nee! Jy kom hier met jou "precious diamant" fortune koekie bullshit wysheid... Siener Monty...

MONTY
Jy is een om te praat! Kastig smooth en alles is okay, kruip weg in jou 3-ster kantoor...

Jouba se gedagtes wil-wil raak na iets.

SLABS

Genoeg!

MONTY

(kyk stip in Jouba se oë)

Na als...

DOEF!

Die kar ruk wanneer een van die bande bars. Monty pluk instinktief aan die stuurwiel en trap hard rem. Die verkeerde manier om ‘n pap band te hanteer. Die kar kies sy eie pad.

Slabs en Mario hou vas waaraan hul kan. Jouba sit verlam, sy oë vreesbevange.

Die bande skuur op die growwe teer. Hulle gly van die pad af en kom hard op die grond en veldgras tot stilstand.

Soos die stof stadig sak sien ons die ouens in die kar. Die atmosfeer is pynlik stil maar die adrenalien is tasbaar. Monty se hande nog gevries op die stuurwiel, bewe.

Tussen deur die gesuis van sy ore, hoor Jouba Mario se stem, asof dit van ver kom.

MARIO

Boeta...

Ons sien Jouba se gesig, spierwit.

Na so paar sekondes ruk hy die deur oop om net betyds buite op te gooi.

Die geluid van die enjin wat nog loop en hitte van die laatmiddagson vul ons sintuie. Slabs hang oor Monty, nog geskok en skakel die kar af.

SLABS

Dit is okay, Monty. Net geskrik. Net. Geskrik.

**EXT. PADLANGS - DAG**

Die deur van die Jeep maak oop, Slabs klim eerste uit. Hy konsentreer om sy hartklop aftebring soos hy om die kar beweeg na Jouba toe wie nog gehurk sit, hande in die stof.

Mario beweeg langs Jouba in en plaas sy hand op sy broer se rug. Jouba vee sy mond af, begin saggies huil.

Almal is sonder woorde.

‘n Ruk later kom Monty ook nader, wel nog duidelik van stryk gegooi.

MONTY
Ek... ek is jammer julle.

Die vier ouens sit stil langs die pad, stom.

Stadig kom ‘n nuutgevonde vasberadenheid oor Jouba. Hy staan op, gee ‘n groot asem, trek sy skouers terug, kyk op na bo, dan na Mario en hergroepeer homself.

JOUBA
Yohhh!
(met ‘n verligte smile)
Okay, so *dit* het gebeur.

Mario spring op Jouba se optimisme.

MARIO
Goeie blou bliksem strale! Is almal okay?

Almal gee ‘n half-nog-senuagtige lag. Jouba beweeg oor na Monty toe.

JOUBA (CONT'D)
Ek ook, Monty.

Hy vryf Monty se netjies hare speels deurmekaar.

JOUBA (CONT'D)
Ek's ook jammer.

Monty wil sy hare weer reg vryf maar stop homself en glimlag na die ouens toe.

JOUBA (CONT'D)
Okay, spaarwiel.

SLABS
Ek sit dit op.

Slabs sien die linker voorste wiel wat gebars het, hy stap na die rear-bracket.

MARIO
Hoe ver het ons nog om te ry?

JOUBA
(tik sy boetie gerustellend op die skouer)
Nog so 300km huis toe, dink ek. Reg Monty?

MONTY
(kyk na selfoon)
Korrek... plus minus 3 ure dan is ons daar.

SLABS
(van agter die kar)
Uhm, Monty... klein probleem.

Die ouens beweeg agter na Slabs toe. Sien die spaarwiel, pap. Behoorlik pap.

MONTY
Nee. Neeeee.

MARIO
Jip. Jjjjjip.

Jouba begin die omgewing om hulle bestudeer.

MONTY
Ek het nie gekyk... dit kan mos nie wees nie.

SLABS
Glo dit. Aggenee man, dit is een van die *eerste* dinge waarna ‘n mens kyk. Veral....

Hy skop die stof. Die ander kyk na Slabs, verras deur die gewoonlike stil grote.

SLABS (CONT'D)
Dit gaan oor veiligheid, Monty. Ek kan nie eers... jy weet van beter. Veral na...

JOUBA
Manier hoe ek dit sien - ons het twee opsies: bel vir hulp of wag vir iemand om verby te kom om vir ons ‘n lift na die volgende dorp toe te gee.

Die ouens luister na Jouba, met Slabs wat arms gekruis staan teen die kar en nog afkoel.

JOUBA (CONT'D)
Opsie nommer 2...

Die lug word koeler en gryser. Jouba wys na ‘n plaashuis ‘n paar kilometer voor hulle.

MARIO
Klop by ons burgerlike burgers aan. Sit ons beste blink skoene vorentoe.

JOUBA
Ek is seker daar is iemand wat sal kan help. Slabs, Monty? Ek kan nogal doen met ‘n koppie boeretroos.

MARIO
‘n Bietjie avontuur doen ons altyd goed.

Dit neem ‘n oomblik dan ontkruis Slabs sy arms en begin stap. Mario gaan staan teen Jouba en elmboog hom teen die arm, trots.

**EXT. VELD - LATER**

Ons volg die ouens oor ‘n draad heining klim en hul pad deur die droee plaasgronde vind, die kar wat kleiner word in die agtergrond.

Hulle praat min, behalwe wanneer Monty in ‘n modder plas trap, sy broekspyp en netjiese wit tekkies sop nat vuil.

Na so ruk beweeg hulle af by die grondpad na die plaashuis toe.

**EXT. PLAASHUIS - VOORSTOEP - DAG**

By die plaashuis kyk Jouba eers na die ander vir goedkeuring en dan klop hy aan die voordeur. Dit neem so ruk dan hoor ons die deur oopsluit en met ‘n kraak uniek aan "daai tyd" se huise oop maak.

‘n Ou man in sy laat 70s staan voor hulle, gesond en sterk vir sy ouderdom, met ‘n knopkiere aan sy sy - dalk vir ondersteuning, heel moontlik om te intimideer. Dit werk.

JOUBA
Naand oom. Jammer vir die laat pla.

Die oom kyk net, sê niks.

JOUBA (CONT'D)
Ons het ‘n pap wiel langs die pad gekry...

Die oom staar hul aan met ‘n ernstige uitdrukking, ene wat sê ek het geen tyd vir draadjies knoop nie.

Hy kyk oor Jouba se skouer na die ander, kyk hulle op en af, dan terug na Jouba. Sonder ‘n woord beweeg hy terug in die huis in.

Die ouens staan droogbek, onseker wat om volgende te doen.

Na so ruk kom hy terug met ‘n bos sleutels.

OUPA SOL
My naam is Solomon. Solomon Nolwazi Mutwa. Julle kan my OUPA SOL noem. Julle twee...
(hy bedeie na Slabs en Monty)
Die een met die groot arms en die maer ene met die sleutels, wie homself vuil gemaak het...

Ons het dit heeltemal gemis dat Monty en sy modder broekspyp met die kar sleutels in sy hand staan. Oupa Sol aan die anderkant mis niks.

OUPA SOL (CONT'D)
Kom saam met my. Ek't ‘n trekker wat kan sleep.

Oupa Sol stap aan. Die ouens kyk geamusseerd na die geen-BS madala.

OUPA SOL (CONT'D).
(sonder om omtedraai)
Woza.

Oupa Sol se ferm hand laat geen spasie vir vrae vra nie. Slabs en Monty spring fluks agterna. Jouba en Mario wil-wil saam kom.

OUPA SOL (CONT'D)
(nogsteeds sonder om omtedraai, na Jouba en Mario)
Nee. Die tsotsi's kyk. Pas die huis op.

Jouba en Mario stop in hulle spore en kyk benoud na Slabs en Monty wie sukkel om hul lag in te hou vir die instruksies wat na die twee boeties gegooi is.

**EXT. PLAASHUIS - VOORSTOEP - LATER**

Van agter sien ons vir Jouba en Mario op die voorstoep se trappe sit en na die groot oop vlaktes voor hulle kyk.

Oor hulle skouers op die horison val stroke reën skuins met koel winde wat na hul kant toe kom.

Amper gelyk gee hulle ‘n sug van rustigheid.

MARIO
Is snaaks. Ons almal saam, weer.
(lag binnekeels)
Wat is die kanse?

Jouba sit vooroor met sy arms op sy knieë, vingers geknoop.

JOUBA
Wat *is* die kanse?

MARIO
En binnekort is ons weer terug, terug in die ou dorpie. En dan...

JOUBA
Pa.

MARIO
Ons kan hom nie, nie sien nie. Klop jou hart nog avontuur? Of hoe het pa gesê?

Jouba skud sy kop ‘nee', hy weier om te byt. Mario kyk na die bui reën op die horison. Hy buig oor na Jouba toe en praat rustig met ‘n buitengewone volwassenheid .

MARIO (CONT'D)
Die reën is binnekort by ons, boeta. Ons voel dit. Ons sien dit. En ons kan niks doen om dit te keer nie. Ons kan skuiling soek of daarvoor wegkruip - dit gaan kom nietemin - of...

Hy gee vir Jouba ‘n ligte stamp teen die skouer.

MARIO (CONT'D)
...of ons kan reguit daarin hardloop en ‘n reëndans doen.

Die wiele in Jouba se kop draai. Hy luister.

MARIO (CONT'D)
Spasie in ons siel daarvoor maak. Jy verstaan?

Jouba staan op en met sy hand steun hy op Mario se skouer. Hy kyk reg voor hom, uit oor die horison. Die reën is al naby.

Ver op die grondpad sien hy stofwolke wat nader rol: Oupa Sol se trekker wat Monty se Jeep sleep.

JOUBA
Ja, Mario.
(sug)
Jy en jou danse.

Hy draai om en beweeg binne in. Een-een val druppels op die stof voor Mario sy voete.

**EXT. PLAASHUIS - VOORSTOEP - SELFDE**

Slabs en Monty kom aangestap na Mario toe, Oupa Sol so paar meter agter hulle.

SLABS
(beweeg by die trappe op)
Tsotsi's gesien?

Mario se kop is nog by Jouba, hy glimlag en stap saam Slabs en Monty binne.

SLABS (CONT'D)
Jouba?

Ons hoor die reën buite begin val.

**INT. PLAASHUIS - AAND**

Binne Oupa Sol se plaashuis sien ons eenvoud. Als het hul plek en hul doel. ‘n Eetkamer tafel, net met ‘n enkel blompot met vetplantjies binne bo-op. ‘n Klein maar funksionele kombuis. ‘n Stel banke om die kaggel.

MONTY
Oupa Sol sê hy kan al twee wiele vir ons regmaak.

SLABS
Hy het gesê ons kan oorbly, daar kom ‘n groot storm en dan more oggend weer die pad vat. Ek dink dit is die regte plan.

Die ouens knik, stem saam.

SLABS (CONT'D)
Die oomie praat min, maar jy luister.

Oupa Sol kom binne gestap, voetstappe hard op die houtplanke, kyk na Slabs.

OUPA SOL
‘n Man praat nie van ou renosters as daar nie ‘n boom naby jou is nie.

Slabs tree agter toe, stil gemaak. Hy geniet Oupa Sol. Oupa Sol skuif een van die eetkamer stoele uit, maak homself gemaklik.

OUPA SOL (CONT'D)
Tyd vir koffie.

Die ouens kyk na mekaar onseker wie wat volgende moet doen (begin ‘n gewoonte raak met Oupa Sol), dan stap Mario kombuis toe om die ketel aan te sit, Monty saam.

**INT. PLAASHUIS - EETKAMER - LATER**

Daar is ‘n stilte in die vertrek terwyl die ketel kook. Oupa Sol sit agter toe in sy stoel. Sy oë toe. Slaap hy? So vinnig? So maklik?

‘n Geraamde doek teen die muur skuinsagter Oupa Sol se kop trek Jouba se aandag. Hy stap nader om dit te bestudeer.

JOUBA
Is dit...
(hy draai sy kop skuins)
Is dit die Suider Kruis?

Ons sien ‘n getekende sterrekaart: ‘n afbeelding van ‘n konstelassie met die Suider Kruis groepering in die middel.

Oupa Sol maak sy oë oop. Stadig staan hy op en beweeg langs Jouba in. Met sy hand op die doek, bestudeer Oupa Sol die sterrekaart.

OUPA SOL
Die boom wat asem gee. "Tree of Life".

Oupa Sol stap oor na ‘n gedekte kassie tussen die banke by die kaggel. Hy haal die laken af van ‘n ou SKYFIE PROJEKTOR.

Jouba en Slabs wag nie vir toestemming nie en begin nader stap.

Sonder om ‘n woord te sê beduie Oupa Sol hulle moet sit. Hulle luister.

Mario en Monty kom betyds aan met ‘n skinkbord koffies. Hulle let als op, vra nie vrae nie, sit die skinkbord neer en val in lyn op die banke. Mario langs Jouba, Monty op die enkel sofa langs die projektor.

Oupa Sol skakel die projektor aan wat se skerp lig teen die geel muur bokant die kaggel skyn.

Hy beweeg oor na Monty toe. Oupa Sol kyk hom net aan. Monty verstaan dadelik en duidelik, hy spring af en skuif langs Slabs in.

MONTY
Askies oom... err... Oupa Sol.

Oupa Sol kyk vies na Monty dan sit hy op sy bank, regter hand by die projektor wat hy duidelik al baie ure by spandeer het.

Die eerste skyfie kom op: ‘n foto van die plaas, ‘n leeftyd terug.

OUPA SOL
(beweeg deur die skyfies)
Ek bly my lewe lank op die plaas. Ek ken die gronde soos die lyne op my gesig.

‘n Skyfie van twee kinders wat op die gras lê en na bo kyk.

Nog ene van dieselfde twee wie in die rivier swem.

Nog ene waar hulle langs mekaar voor die huis speels poseer - ‘n 9 jarige Oupa Sol en ‘n dogtertjie (14).

MARIO
Wie is sy?

JOUBA
Oupa Sol se suster?

Dit is duidelik Oupa Sol hanteer die skuifie met ‘n sagte respek.

OUPA SOL
NOLVAZI. My ma se suster se kind. Sy het my groot gemaak. My geleer van die son. Die maan. Die sterre. *Umuthi Wokuphila*: The Tree of Life. Ons gunstelling. Sy wortels... Koffie! Drink, drink.

Almal skrik, spring op en gryp na hul koppies, sluk vinnig. Terug by Oupa Sol, weer saggies respekvol.

OUPA SOL (CONT'D)
Sy wortels trek water en sy takke en blare gee asem. Dit vat en dit gee. Die siklus van die lewe. Dit is die mees heiligste van konstelassies in my kultuur.

Dit als betower die ouens terwyldie reën harder buite begin raas.

Nog ‘n skyfie. Oupa Sol word stil wanneer die beeld van ‘n klomp jong mans op die plaas gronde op die muur verskyn.

OUPA SOL (CONT'D)
Die wereld is goed om seuns groot te maak, min van hulle word werklik mans. Soos ek ouer geraak het, het ek baie idees gehad. Idees om die wêreld te verander. En toe die politiek ook nog kom... wel, toe het die idees vir *my*.

Die ouens beweeg nie, hang aan Oupa Sol se woorde.

OUPA SOL (CONT'D)
Wanneer idees jou beet het, jy bly ‘n kind. En daar is min so lelik soos ‘n mans-kind wie se kop gevul is met ander se stomp idees.
(volgende skyf)
Ek het die plaas verlaat. Gedink ek doen die dinge van manwees - *'ndoda*. Toe ek terugkom toe was die plaas nie meer dieselfde nie.

‘n Skyfie wys van die plaas huis, vervalle: vensters gebreek, stukke van die dak af, gras gebrand. Oupa Sol se stem kraak.

OUPA SOL (CONT'D)
En Nolvazi was ook nie meer nie. Die politiek het altwee gevat. Weet jy hoe voel dit? Om dood te wees van binne terwyl jy leef.
(trane vul sy oë)
Ek het my jonk self laat dood gaan, die plaas weer opgebou.

Skywe van verskeie herstelwerk wys.

OUPA SOL (CONT'D)
Dit was seer. Maar dit was eerlik. In die proses het ek waarlik ‘n man geword. ‘n Heel man, voledig, vol gees.

SLABS
Wow.

OUPA SOL
Julle is mans, maar julle is ook nog kinders. Ek kyk in julle oë en ek sien elkeen het iets verloor... julle soek nog.

Oupa Sol staan stadig op, sy oë gerig op die projektor lig teen die muur, skywe klaar.

OUPA SOL (CONT'D)
Moet nie vra wat die wêreld nodig het nie. Vra wat jou lewendig laat voel, doen dit.

Sonder waarskuwing sit Oupa Sol die projektor af. Hy stap verby ‘n kas en kap daar teen.

OUPA SOL (CONT'D)
Komberse.

Hy sê niks verder, sit die ligte af en verdwyn die gang binne.

Die ouens prosesseer als.

Ons fokus op Slabs wat opstaan kas toe, Monty wat swaar sy droeë modder skoene uit trek, Mario wat rustig sit-lê met sy oë reeds toe en dan op Jouba wat deur die dak na sterre konstelassies in sy verbeelding kyk, geïnspireerd.

Die reën is klaar en ons kyk van buite na die plaashuis onder die maanlig. Doodstil. Vreedsaam.

**EXT. PLAASHUIS - OGGEND**

Die son maak sy verskyning vroeg oggend soos die ouens by die plaashuis uitgestap kom na Oupa Sol se werkswinkel toe.

Voor die ingang van die werkswinkel sit Oupa Sol op ‘n wiegstoel, koppie koffie in hand en wag.

OUPA SOL
Vroeg opstaan maak die pad kort.

Sy koffie beker wys na die Jeep toe.

OUPA SOL (CONT'D)
Voertuig is reg.

Die ouens, vir die hoeveelste keer, is stom geslaan... en beindruk. Hulle sê hulle dankies en groet vir Oupa Sol, reg vir die laaste stuk pad huis toe.

**INT. JEEP - LATER**

Monty se hande is stewig op die stuurwiel, konsentreer. Daar word min gepraat, almal is binne hulle koppe, verwerk die laaste paar dae se gebeure.

Na so ruk begin daar weer lewe in die kar kom soos meer en meer familiere landmerke hul groet.

**EXT. DORP - HOOFSTRAAT - DAG**

Die dorp is aan die gang met ‘n warboel mense wat kom en gaan. Monty parkeer die kar by Oom Stompie se garage, voor die sentrale markplein. Almal klim uit.

SLABS
Mark dag.

Feestelike klanke, kleure en reuke vul die lug.

MARIO
(trek dit als in)
Ah, net... net puik!

MONTY
Welkom terug almal.

JOUBA
Slabs, is jou pa by sy huis?

SLABS
(glimlag breed, luister nie juis nie)
Hoe nou?

JOUBA
Oom Slabbert, jou pa... hoe maak ons?

SLABS
Askies, ja... ja, natuurlik. Ek moet net... kan ons eers rondloop? Bene strek, vars word. Dit lyk alles so lekker.

MARIO
En ruik so lekker.

Jouba is senuweeagtig tog opgewonde. Sy verlede - soet en suur - staar hom in die gesig. Hy knik sy kop, stap aan, skouers terug.

Van bo sien ons die dorp, ‘n miernes van mense en aktiwiteite.

DISSOLVE TO:

**EXT. DORP - OGGEND**

Dit is weer 3-jaar terug. Van bo sien ons die dorp, doodstil. Ons beweeg oor na die Meintjies huis en sien vir Jouba met ‘n emmer seepwater oor hul grasperk stap afdak toe.

**EXT. MEINTJIES HUIS - AFDAK - OGGEND**

Jouba is hard besig om Rooies te was. Die bonnet, die vensters, bumper. Een band is reeds afgehaal. Jouba skrop. Stukke modder skiet af. Elke wielmoer, spotless. Als mooi blink.

Wiel terug op. Volgende ene en dan ‘n skerp fluit van ver.

MARIO
Spie-KA-riesh!
(kom nader gestap)
Jammer ek is...

Jouba wil iets sê, maar Mario spring hom voor.

MARIO (CONT'D)
27-minute laat, ek weet! Ek sal met mams praat. Vra dat sy my vroëer in die wêreld moes bring. Hoe *durf* sy?

JOUBA
Waar als begin skeef loop het, boetie.
(skraap modder van wiel nommer twee af)
27 minute laat sedert jou eerste asem.

MARIO
(rol sy oë)
Slabs vroeg al huis toe, pa hom gevat? Die man ten minste gerus, hy ‘n bietjie beter?

JOUBA
Jip. Jip. En jip.

Hy skrop en was terwyl Mario ingedagte toekyk.

MARIO
Ek het gedink ons moet die suurlemoenskille met ten minste die helfde verminder.

JOUBA
Stem.

MARIO
Uhm... Jouba, oor volgende jaar... miskien kan ek en jy môre tyd kry om te gesels.

‘n Waslap trek deur die lug na Mario se gesig, wie dit maklik vang.

JOUBA
Toe, help ‘n brother uit.

MARIO
Ek dink al ‘n ruk lank oor Twee Virrie Pad, die spasie op 17de, jou...
(plaas die lap neer)
...*ons* volgende stappe.

JOUBA
(luister met een oor)
Sure.

Nog sy hurke skraap Jouba die laaste modder en spoel af. Hy let die waslap op wat Mario neer sit en sien hom agter toe weg stap.

JOUBA (CONT'D)
(agterna)
Wat krap, Mario?

MARIO
Niks. Môre. Ons gesels môre, deal?

Hy verdwyn onder die afdak uit. Jouba se boetie-sensors gaan af.

**EXT. MEINTJIES HUIS - STOORKAMER - LATER**

Net agter die afdak sien ons twee trappe op na ‘n klein stoorkamer met ‘n staaldeur wat oopstaan.

Binne, teen die linker muur sien ons rakke leë bier bottels perfek in rye geplaas.

Op die vloer: bokse met sakke moutgars, gis, suiker en ander bestandele.

Die muur oorkant die ingang is amper toe met 'n self ontwerpte stellasie wat dit vul.

Op die stelasie sien ons 4 x 50 liter blink silver ketels elk op 'n vlak hoër as die ander, gekoppel met pype van bo na onder.

Regs sien ons vir Mario by 'n klein lessenaar sit, doenig.

Bo hom teen die muur vasgeplak sien ons kontrolelyste en sketse van handelsmerk idees van TWEE VIRRIE PAD.

Vir 'n doen-dit-jouself begin is die broers se boetiek bier brouery met aandag en passie opgestel.

Ons hoor Jouba keelskoon maak agter Mario, wie kop af besig is om te werk aan 'n nuwe handelsmerk ontwerp.

JOUBA
Hey...

MARIO
Ek het net...
(kyk op van sy skets)
Jy is so seker.

JOUBA
Seker?

MARIO
Hierdie. Alles.
(hy wys rondom die vertrek)
Jy laat dit so eenvoudig lyk. Asof jy reeds die movie sien uitspeel het en weet wat volgende kom.

JOUBA
Ek... ek weet nie... jy die gis gesnuif?

MARIO
Dit is 'n freakin talent. Vrek intimiderend. Maar 'n talent.

Mario staan op en beweeg oor na Jouba toe wie een trappie af agtertoe tree. Van die posisie lyk Mario groter as Jouba.

MARIO (CONT'D)
Maar op 18 wil ek nie so selfversekerd wees nie, Jouba. Ek wil nog soek. Ek will beweeg, sonder om te weet waar ek begin of gaan eindig.

JOUBA
Wat praat jy - ‘beweeg'? Waar was ons gisteraand? Ons het die sterre geraak!

MARIO
En elke keer besef ek net weer hoe baie nog daar vir my is om te ontdek. Ek love die idee van bier maak, wat ons al hier reggekry het, dit is amazing. Maar hierdie is joune. Is in jou hart. My hart... my hart soek nog.

JOUBA
Hoe... wat sê jy? Jy wil dit als los, my alleen met als los? Om rond te wandel? Sonder rigting?

MARIO
Nee. Net nie *jou* rigting nie.

Dit sink swaar by Jouba in.

MARIO (CONT'D)
Ek... niks is finaal nie. My kop probeer nog homself vind. Maar vir nou, ek is nog hier, boeta. Môre... kom ons praat môre rustig oor als, oor ‘n lekker post-opskop brekkie.

Mario tree af, maak die stoorkamer deur toe.

MARIO (CONT'D)
Een ding wat ek wel oor seker is: nou gaan ons reg maak om die jaar behoorlik in sy bek te boks!

Die keer vryf Mario sy boeta se hare deurmekaar.

MARIO (CONT'D)
Wil nou nie *laat* wees nie.

Die hoeke van Jouba se mond glimlag.

CUT TO:

**EXT. MEINTJIES HUIS - AFDAK - LATER**

Terug by Rooies, is Jouba besig om die laaste wiel vas te maak. Hy kyk oor na die stoorkamer toe, in gedagte.

Wiel op. Hy tree agter toe en kyk na Rooies - uitgevat, beautiful blink rooi. Reg om die ouens te vergesel.

**INT. MEINTJIES HUIS - MARIO SLAAPKAMER - SELFDE**

Mario hop in sy kamer rond, mure vol retro posters, Piet Botha se blues guitar in die agtergrond wat laat waai.

Met nog net sy jeans en tekkies aan, sonder hemp, staan hy voor die spiëel, dans moves en hande wat ritmies klap teen sy bene: *pat-a-pat-pat-pat*.

MARIO
Too cool.

**INT. SLABS HUIS - KOMBUIS - SELFDE**

Slabs - gestort, geskeer en gespuit - sit by die kombuis counter, skets. Hy kyk oor sy pa se skouer, vas aan die slaap, na wat op die televisie is, terug by sy skets.

**INT. MARIO SLAAPKAMER - SPIEEL - SELFDE**

Terug by Mario voor die spieel, nogsteeds jeans sonder hemp, die keer sit hy sy fake "Ray Bangs" aan.

MARIO
Too. Cool.

**INT. MONTY HUIS - GANG - SELFDE**

Monty is besig om sy hare baie netjies te gel en te kam in die gang spieel, duidelik al vir ‘n ruk besig met die taak.

**INT. MEINTJIES HUIS - BADKAMER - SELFDE**

Jouba in die stort, in gedagte. Was die modder en sweet weg. Uit die stort, vars, verfris, trek aan.

**INT. MARIO KAMER - SPIEEL - SELFDE**

Mario trek nou sy gunsteling Koos Doep t-hemp aan, bestudeer homself op en af.

MARIO
Tooooo. Cooool.

**EXT. SLABS HUIS - STOEP - SELFDE**

Met ‘n groot glimlag op sy gesig, stap Slabs saggies by die voordeur uit en praat op sy foon.

SLABS
Onderhoof Meisie? Dit is uitstekend, Lienka-meisiekind!

**EXT. MONTY HUIS - KOMBUIS - SELFDE**

Nou by die yskas, eet Monty ‘n stukkie tuisgemaakte Lemon Meringue met ‘n klein vurk. Maak sy oë toe van die lekker.

**INT. MARIO SLAAPKAMER - SPIEEL - SELFDE**

Tekkies, jeans, t-hemp, bril... nog een iets om die non-look-look afterond. Mario haal ‘n ou strooi hoed uit sy kas uit, op die kop, duime in die jeans, pose.

MARIO
Too... much.

Hy gooi die hoed af, skiet vinger-guns na sy refleksie en stap by die kamer uit.

**EXT. MEINTJIES HUIS - VOORSTOEP - LATER**

Van buite kom Jouba en Mario by uitgestap, in goeie gemoedere. Prof. Meintjies net agter hulle.

PROF. MEINTJIES
Geniet dit, seuns.

Hy gooi Rooies se sleutels na hulle.

PROF. MEINTJIES (CONT'D)
Kyk mooi na haar en sy sal mooi na julle kyk.

Jouba en Mario knik, sleutels in hand en spring by die stoep af, mik afdak toe.

TANNIE D (O.C)
Askies tog...

Vir die eerste keer in die draaiboek ontmoet ons Jouba en Mario se MA - TANNIE D. Selfs in haar trauma eenheid scrubs het sy 'n sagte maar merkwaardige teenwoordigheid wat die omgewing en die mense om haar - veral haar man en seuns - op helder.

TANNIE D (CONT'D)
Vir 'n besonderse groep jong mans.

Sy handig 'n HOUT KUSSIE oor aan Jouba en Mario. Hulle maak dit oop en ons sien aan die binne-kant van die deksel gegrafeer: REISIGERS. Onder, netjies ingelê, 'n klein bottel whiskey en VIER leer-gebinde heupflesse, elk met die naam van die vriende op.

Jouba en Mario kyk in vervoering na hul geskenk.

TANNIE D (CONT'D)
(trots, sag)
Van ek en jou pa.

JOUBA
Ma... hierdie is...

MARIO
Die beste.

Hulle al twee stap oor en gee hul ma en pa 'n stywe druk.

JOUBA
(opgewonde, sag na Tannie D)
'Reisigers' - nice.

Dan spring hulle weer af, hout kussie onder die arm.

TANNIE D
(roep agterna)
Lief julle twee.

Mario stop, draai om en draf terug vir nog een omhels.

MARIO
(druk styf, kreun vir effek)
Laaste een vir die pad.
(dan laat gaan hy)
Lief jou ook, mams.

Die broers hop in Rooies en ry by die oprit uit. Ons sien vir Prof. Meintjies met sy arm om sy vrou, haar kop op sy skouer, hul seuns totsiens waai.

**EXT. / INT. ROOIES - PAD - DAG**

Ons hoor die ritmiese klap van hande op die voorste paneel soos ons die rooi Capri by die dorp strate sien deur beweeg.

Binne sien ons vir Mario, oorfone aan, wat die gees groot begin vang.

Met sy hande aan die klap word die hele kar se interior Mario se tromstel. Ons hoor ‘n unieke indie-weergawe van die eerste verse van ‘n bekende outydse liedjie. Sy bewegings probeer vir Jouba aanhuts, wie sy broer ignoreer met ‘n glimlag wat uit die hoek van sy mond begin vorm.

Mario slaan sy selfoon oor na luidspreker wat Jouba se vingers begin aansteek.

Een "tromstok" slaan vir Jouba wat ‘n kareoke-duet behoorlik afskop.Hulle vergeet die woorde hier en daar maar dit stop nie die ekstra oemf in die koor-gedeeltes nie.Rooies, die broers se verhoog.

**EXT. MONTY HUIS - PAD - LATER**

Nou by die laaste vers van hul entoesiastiese rendiesie van die retro liedjie, stop die broers by Monty se huis. Hulle klim uit, lui die klokkie, groet sy ma (60s, prim-en-proper) en spring weer in. Aanwaards.

**EXT. SLABS HUIS - PAD - LATER**

Volgende by Slabs, wie reeds in die straat wag. Opgewonde kom hy nader en kyk na Mario wie voor sit.

SLABS
(by Mario se venster)
Been-spasie-shotgun.

Mario lag en spring agter toe.

**EXT. DORP - PAD**

In ‘n feestelike atmosfeer sien ons vir Rooies met haar vier jong passasiers die dorp verlaat op pad na hul afskeids opskop. Whoo hoo!

**EXT. PAD LANGS - UITKYK PUNT - LAAT MIDDAG**

Die seuns trek van die pad af, klim uit en beweeg oor tot waar die afgrond begin.

Onder voor hulle lê groot oop vlaktes gesny deur ‘n netwerk grond paaie wat landgoedere en kleinhoewes verbind. Als bloed-oranje ingekleur deur die son wat net-net bo die horison hang.

Die hout kussie word oop gemaak; opgewonde en gesellig neem elkeen hul heupfles. Jouba maak seker niemand s'n is leeg nie.

Slabs, Mario, Monty & Jouba lig hul heupflesse na bo.

JOUBA
Op...
(probeer weer)
Die reis...

Sy ratte draai, die ouens wag.

JOUBA
Ek...
(begin verlee lag)
Ek het *niks*.

Almal lag lekker saam. ‘n Eerste: Jouba droëe bek.

SLABS
(beduie na die horison)
Soms is ‘niks' genoeg.

Skouer-aan-skouer, gooi die ouens hul arms om mekaar en asem die oomblik in.

Stilte.

Die vier heupflesse omhoog, ‘n stille heildronk op hul onraakbaarheid wanneer die son die aarde raak.

MARIO
(asem uit)
Menere, ek glo ons het ‘n fenominale aand om aftesluit.

Hulle kyk na mekaar. Neem ‘n vinnige onsie. Die energie tasbaar.

JOUBA
(kar sleutels uit die sak)
Net so.

CUT TO:

**EXT. / INT. ROOIES - GROND PAD - DAG**

Rooies draai skerp van die teerpad af, stofwolke wat sukkel om by te bly. Jouba se hande op die stuurwiel, oë klein en gefokus. Slabs, Mario en Monty vasgepen in hulle sitplekke, hulle uitdrukkings pure genot. Die Capri wys weer haar staal.

‘n Oop stuk grond is in Jouba se visier.

Hy rat af, handrem op, ruk die stuurwiel na regs, voet weer op die versneller. Rooies gly grasieus oor die los grond.

Tyd staan stil.

Jouba, in sy element, kyk na:

Slabs, kop uit die venster, wind in sy gesig.

In sy tru-spieeltjie na Monty, sy mond en oë wawyd oop.

En dan na Mario wie homself met beide hande ophou aan ‘n dak handvatsel. Mario sien vir Jouba se kyk, smile terug.

Van buite sien ons Rooies se wiele in stadige-aksie op die sand draai.

Die laaste sonstrale skyn deur die stofwolke wat die oranje skemer lug vol maak; Rooies en haar reisigers wat nie meer vir ons sigbaar is nie.

DISSOLVE TO:

**EXT. MARKPLEIN - MARK - DAG**

Die sorgvrye klanke van generiese Afrikaanse pop-treffers vul die mark soos ons vir Jouba, Mario, Slabs en Monty volg deur ‘n miernes mense wat semi-doelgerig dwaal tussen stalletjies passie projekte; hulle eie belangstelling word hier en daar geprikkel.

**EXT. MARK - LATER**

Die ouens soek ‘n plek om hulself gemaklik te maak.

JOUBA
(nostalgies)
"Boetiek Bier Brouery".

Die ander kyk na Jouba en dan in die rigting waarna toe hy praat.

SLABS

O, ja.

Nou in die middel van die mark staan gazebos met banniere wat tuisgemaakte eet en drink goed adverteer, een spesifiek wat die vriende se aandag trek.

Soos hulle nader beweeg sien ons rye piekniek tafels gerangskik om ‘n sentrale dans vierkant te vorm - die bron van die mark se doef-doef-ritmes - reeds vol met sokkie-sokkie spesialiste van alle soorte.

MARIO

O...

MARIO & MONTY

(saam)

Ja!

**EXT. MARK - TAFEL - DAG**

Dit vat nie lank nie dan vang ons op met die jong mans, hulle tafel alreeds vol plastiek glase craft bier, lekker jollig.

JOUBA

Sy klink na ‘n catch, Monty.

MONTY

DENISE is *magnifique*.

(rustig tipsy, met ekstra aksent)

*Formidable*.

SLABS

"Formidable"!? Hierdie ou...

(bedeie na Monty)

Gepraat van French, soen sy ten minste lekker, Casanova?

In ‘n tipsy luim, neem Monty ‘n oomblik en soos ‘n ou wyse pottebakker beweeg hy sy hande in stadige ritmiese bewegings.

MONTY (CONT'D)

*For-mi-da-ble*

Met elke breukwoord, skets Monty die kurwes van ‘n uurglas-figuur.

MONTY (CONT'D)
(knipoog)
Verstaan?

‘n Oomblik se stilte dan kan die ander twee hulself nie keer nie en val amper agteroor van die lag oor Monty se teater.

SLABS
(lig sy bier op)
Happy-hour-Monty, welkom! Cheers!

Nog aan die lag, draai Jouba se kop na die makeshift dansbaan toe. ‘n Groepie studente wat in ‘n sirkel dans trek sy aandag.

Hy luister met een oor na Slabs en Monty se gesprek wat in die agtergrond wegval want hy sien vir Mario - in die middel van die sirkel.

Elmboog hak op, voet skop uit, nek konkel na voor, dit is iets om te aanskou, vir die studente ook. Ons spandeer ‘n bietjie tyd om die berugte marionette met vinger in ‘n kragprop te waardeer.

Jouba glimlag en skud net sy kop. Geamuseerd en beindruk tegelyk.

Slabs en Monty se gesprek wat weer na vore kom.

SLABS
Dit is net die beste gevoel daai. Die lekkerste lekker!

MONTY
O ja, *daai* gevoel. Lekkerste... lekker.

Monty se uitdrukking verraai sy antwoord.

MONTY (CONT'D)
Alhoewel, partykeer... miskien is dit die hospitaal reuke aan ons klere of die lang ure of... eintlik is dit net alles oor daai plek. Daai gevoel... wanneer ons... julle weet... my kop sê dit moet daar wees.

Hy vrons en kyk met meer erns na Jouba en Slabs.

MONTY (CONT'D)
Maar diep binne... ek... ek voel dit nie regtig nie.

SLABS

Jy moet dit voel, selfs al is dit net 'n bietjie van 'n spark.

'n Besef kom oor Monty. Iets wat hy al lankaal van homself weet. Iets wat hy net nog nooit hardop aan homself kon verwoord nie.

MONTY

Sy was my eerste... meisie.

Hy hou Jouba en Slabs se reaksies dop.

MONTY (CONT'D)

Ek weetie. Ek kan mos nie so aanhou nie? Om net deur my kop gelei te word nie?

JOUBA

Wat laat jou *lewendig* voel, Monty? Doen dit.

Die bietjie Oupa Sol-wysheid sit goed by Monty.

MONTY

Mmmmm, Slabs se groot manlikke hande laat my lewendig voel.

Die groot man sit met sy hande op die tafel, trek hulle onseker terug.

SLABS

Wat, hoe nou?

JOUBA

Hy *het* mooi hande.

Slabs se wange word bloed rooi.

MONTY

Miskien... miskien mis ek iets… miskien maak dit nie eers saak nie…

Hy staan op en laat die oomblik by almal insink.

MONTY

Maar vir nou, wat ek wel weet...

Met een groot sluk maak Monty sy glas leeg.

MONTY (CONT'D)

Daar is 'n dansbaan wat vir *Monty-lissimo* hard roep! Woosh.

Met ‘n ritmiese waltz beweeg Monty oor in die rigting van Mario en die doef-doef danssirkel toe.

JOUBA
(agterna)
Enjoy!

SLABS
My groot manlikke hande?

JOUBA
Seker die handeroom wat jy gebruik.

SLABS
Handeroom?

‘n Groep skool seuns kom verby die tafel gestap, die voorbok met ‘n lekker windgat houding.

WINDGAT
Mnr. Slappes! Hallo Mnr. Slappes! Gaan Mnr. Slappes bietjie dans?

Slabs kyk na hulle, sit ‘n raak-my-nie uitdrukking op, dan na Jouba met ‘n sagte skaamte.

JOUBA
Askies!?

SLABS
(geen oogkontak)
Los dit.

WINDGAT
(begin weg draf)
Geniet jou drankie Mnr. Slappes! Totsiens Mnr. Slappes!

JOUBA
(skree agterna)
Hey, Piet Snot!

Die laaities hardloop lag-lag weg. Jouba kyk na Slabs, omkant gevang, wag vir hom om iets te sê.

SLABS
Ek het gedink ek kan die skoolkinders hier iets bied. ‘n Man in hulle lewe wat solid is. Op wie hulle kan staat maak. Vader weet hulle het dit nodig. Maar... jy sien mos.

(MORE)

SLABS
jy sien mos.
(sug)
Almal om my is weg uit die plek. My ma en sis, destyds. Monty, jy... Mario. Ek het uit redes gehardloop om hier te bly, Joubsie. Die emmer is nou leeg. Net nog een ding om aftehandel.

JOUBA
(hy knik saam)
Jou pa.

Slabs kyk ernstig na Jouba, daai geligte wenkbrou weer. Hy skud sy kop.

SLABS
Nee, my vriend. *Jy*.

Jouba wil nog reageer dan hoor die twee vriende ‘n skerp fluit-roep vanaf die dans baan.

**EXT. MARK - DANS BAAN - DAG**

In die middel van die danssirkel staan Monty uit, Mario wat amuserend na hom kyk.

MONTY
Joubert, Slabs - kyk... !

Met ‘n dramatiese tipsy two-step sweef Monty oor die die dansbaan.

MONTY (CONT'D)
(onbewus van ander om hom)
Kyk, Piaf Se Dans!

Mario, sien wat kom.

Met ‘n bietjie te veel entoesiasme stamp Monty een van die mans - ons noem hom sommer JOE (stewig, middeljarig) - wie met sy vriende buite die gedansery kuier.

Jouba en Slabs se oë rek. Joe, duidelik eers van struik gegooi, besef nou sy ego is effe geknak en stamp vir Monty midde in dans dat Monty op sy stert op die vloer val.

JOE
Poephol! Wat‘s jou probleem!?

Slabs spring op en hardloop oor.

JOUBA
(nog by Slabs)
Afhandel!? Wat bedoel... Slabs!

Slabs is klaar op pad na Monty toe. Jouba nou agterna.

MONTY
Ekskuus...

JOE
Vat weer aan my... !

JOUBA & MARIO
Monty!

Met twee harige arms gryp Joe vir Monty aan die kraag.

SLABS
Hey, tjom! Jy beter hom los. Soos in *nou*.

JOE
(ignoreer Slabs, na Monty)
Ek sal jou breek, slaaiblaar.

Slabs vat die ou aan die skouer. Sy vriende begin ook nou nader beweeg. Die temperature loop hoog.

JOUBA
(kalm)
Hy was net oorgretig. Een te veel. Niks bedoel nie.

JOE
Oorgretig my gat, hy soek kak. Hy gaan dit kry.

Sy intense oë beweeg van Monty na Jouba, Mario & Slabs toe.

JOE (CONT'D)
Wag, is julle nie die ouens...
(hy los vir Monty, fokus op Jouba spesifiek)
...dit is reg ja.

Hy roep die res van sy buddies.

JOE (CONT'D)
Kyk manne, dit is die Meintjies eenling.

MARIO
(tree aggresief vorentoe)
Verkeerd, pêl.

JOUBA
(koud)
Jy's myne, fokker.

Met eens bars die termostaat. Jouba gryp vir Joe. Sy vriende spring in. Mario help vir Monty op. Slabs se arms gryp vir Jouba om die skouers, trek hom weg.

SLABS
Rustig manne. Rustig!

Jouba kry ‘n klap teen die oor. Dit suis.

MARIO
(dofweg)
Boeta...

Joe probeer vir Jouba kop-stamp maar Slabs tree in.

SLABS
Ek sal jou mos verniel.

Met sy regterhand gryp Slabs Joe se kop en gooi hom kant toe, dan stamp hy die ander weg met sy skouer.

Met die linker skeer hy vir Jouba los uit die gemors.

Hy beduie vir Monty en Mario om ook te laat gaan.

Dit is ‘n deurmekaar spul soos min maar Slabs gee rigting aan die verkeer so te sê.

SLABS
Kom!!

Jouba pyl weer af op Joe.

JOUBA
Ek sien jou!

Slabs keer en stoot sy buddies van die dansbaan af. Joe en sy vriende skerts, ingenome met hulleself. Mario gooi middelvingers terug. Monty - wel, Monty se kieste is bleek.

SLABS (CONT'D)
(na Jouba, Mario en Monty)
Kom. Ons beweeg aan. Dit is tyd.

Omgekrap stap hulle terug kar toe.

MARIO
Iemand die rekening gekry?

**INT. JEEP - DAG**

Dit is laat middag, die Jeep se deure slaan toe, aangeskakel en begin beweeg met Slabs agter die stuurwiel en Mario wat vir Monty - duidelik nog nie lekker nie - probeer gerusstel agter.

MONTY
Ek is so jammer julle.

MARIO
"Piaf se dans"?

MONTY
Ek het net... dit is net als te veel. Die laaste paar dae. Alles was net so...
(hy beduie)
...in ‘n netjiese boksie, tot gister.

JOUBA
Bliksems.

MONTY
(leen vorentoe, sit sy hand op Jouba se skouer)
Joubert, ek is so jammer.

Maar Jouba se kop is iewers anders.

MONTY
So jammer. Ek is lief vir jou, my vriend. Ons almal is.

JOUBA
(na Slabs)
Wat bedoel jy, jy het nog een ding om aftehandel? Met my?

Die Jeep draai links in ‘n buurt in.

MONTY
Liefde... als net vir jou, van ons almal. Selfs Patricia is bekommerd. Dit is hoekom sy jou ‘n paar dae afgegee het.

‘n Koue rilling kom oor Jouba se nek.

JOUBA
Patricia? Pat? Hoe ken jy...

MONTY
Ons almal voel net...

JOUBA
Monty! Hoe. Ken. Jy. Vir. Pat?

SLABS
Want ons het met haar gepraat, Joubert.

MARIO
Shit.

SLABS
So paar dae terug.

Jouba se lippe raak kurk droog, sy binneste draai.

Hy kyk na Slabs, na Monty, na Mario, dan om hom. Hy ken die straat, die huise, die oprit voor hulle. Hy besef.

JOUBA
Nee! Stop die kar. Nou!!

MARIO
Ons moet hom sien. Ons kan dit nie meer langer afstel nie.

JOUBA
Nee! Slabs! Julle...

Hy begin aan sy deur pluk.

SLABS
Jouba! Wag!

**EXT. PADLANGS - DAG**

Slabs trap rem. Jouba is uit net voor die kar ordentlik tot stilstand kom. Hy val en rol grond toe met die uittrap slag. Jouba staan op, hande en gesig vol skrape en stof, verlore.

SLABS
(klim uit, staan by sy deur)
Dit is hoekom ek in die stad was, Jouba. Hoekom ek jou by die winkel raakgeloop het.

JOUBA
Winkel?

SLABS (CONT'D)
Dieselfde kruideniersware winkel waar jy amper elke dag by koop. Ek was vir ‘n week net ‘n tree agter jou. Hoekom ek geweet het waar jou woonstel is.

(MORE)

SLABS (CONT'D)
(tree na Jouba toe)
Toe die tyd kom... ek - *ons* - het jou kom haal.

Jouba se gesig klop, sy brein probeer nog by bly, sin maak van als.

SLABS (CONT'D)
Jy kan nie vir altyd weghardloop nie. Jy moet als face. En dit begin hier, by jou pa. Hy het jou nodig.
(sluk hard)
Joubert, Tannie D - jou ma - sy het geloop, sy is weg.

Die broers se harte sink in hul maag.

JOUBA
(sy oë word hard en wild)
Nee! Piss off. Jy het geen reg nie!

MARIO
Jouba!

Buite op die sypaadjie storm loop Jouba vir Slabs wie die hou vat in die maag. Hy struikel agter toe. Monty en Mario se voete in sement, weet nie wat om te doen nie.

JOUBA
Geen reg!

Slabs gryp Jouba aan sy belt en gooi hom een kant toe. Hy rol op die grond, weer vinnig op sy knieë. Slabs in verdedigende posisie kyk besorgd na sy vriend.

JOUBA
(op sy voete, stap vinnig na Slabs)
Jou pa is siek? Bullshit! Van al die verskonings... pateties man!

Met al sy krag stamp Jouba vir Slabs, hard. Slabs struikel een tree agter toe maar hou sy hande in die lug.

SLABS
My pa...

Nog ‘n stamp. Slabs vat nie die aas nie, wyer om te baklei. Jouba mik vir nog ‘n stamp.

JOUBA
(oë vol trane)
Gedink jy's my pêl!

SLABS (CONT'D)
My pa is dood!

Die aarde sink weg onder Jouba se voete, sy gesig spierwit. Hy kyk na Monty wie sy kop knik. Slabs laat sak sy hande.

MARIO
Slabs...

JOUBA
Nee! Jy lieg, nogsteeds!

Jouba se hande word vuiste en mik na Slabs.

PROF. MEINTJIES (O. C. )
Joubert!

Die kenmerkende maar nou rou-ferm stem van Prof. Meintjies beeindig die rumoer sumier. Alles stop.

Ons sien vir die Prof. Hy het meer oud geword as wat mens sou verwag. Maer, stoppelbaard en ongestryk.

MARIO
My hart.

Prof. Meintjies kyk reguit na Jouba, die teleurstelling en hartseer duidelik.

Sekondes voel soos ure.

Hy draai om en stap by die straat af, by die Meintjies Huis in.

Die vier vriende sê nie ‘n woord vir mekaar nie. Mario is die eerste om agter sy pa aantestap. Jouba huiwer, dan stof homself af en sit sy broer en pa agterna.

**EXT. MEINTJIES HUIS - STOEP - DAG**

Vir die eerste keer in ‘n baie lang ruk tree Jouba en Mario weer op die voorstoep van hulle ouer huis.

JOUBA
En waar was jy?

MARIO
Hierdie is jou battle. Haal asem.

Skouers terug, rug regop - Jouba haal diep asem. Die broers stap binne.

**INT. MEINTJIES HUIS - DAG**

Die Meintjies Huis is anders.

Die warm gevoel vervang met ‘n swaar atmosfeer. Meeste van die meubels is nog daar, maar die hart van die huis is weg.

By die eetkamer sit die Prof en wag.

MARIO
Dad...

PROF. MEINTJIES
Kan jy dit voel? Die lug, sonder suurstof.

Jouba se gesig is hard maar sy oë desperaat.

PROF. MEINTJIES
Is dit hoe jy nou jou mense hanteer? Baklei, soos ‘n buffel... met Johan nogal? Daai seun sal sy lewe vir jou gee.

CUT TO:

**EXT. MEINTJIES HUIS - JEEP - SELFDE**

Slabs en Monty wag buite by die Jeep, nou geparkeer by die Meintjies oprit.

CUT TO:

**INT. MEINTJIES HUIS - EETKAMER - SELFDE**

Prof. Meintjies skud sy kop.

PROF. MEINTJIES
Jy lewe onderstebo seun. Jy baklei waar jy moet vrede maak. Vrede met jou vriende, vrede met jou ma, met jou broer... met jouself.

Mario beweeg om die tafel, staan agter teen sy pa, sit sy hand op sy pa se arm. Prof. Meintjies sit sy hand bo op Mario s'n, hy kyk oor na Mario.

Agter Mario is daar ‘n foto van die tweeling teen die muur.

PROF. MEINTJIES (CONT'D)
Onthou jy hoe helder ons kon lag?

JOUBA
Waar is ma?

PROF. MEINTJIES
Ek het geglo hierdie huis was ‘n eenheid. Fondasies sterk genoeg om enige iets te kan hanteer... selfs die heel ergste wat die lewe vir ons kan gooi.
(hy klap sy hande op die tafel)
Maak nie saak wat nie, ons was veronderstel om arms in te hak, saam te stap, altyd.

Dan sak die Prof se kop.

PROF. MEINTJIES
Na als... jy het net verdwyn. Sonder om ‘n woord te sê. Toe trek jy die laaste bietjie suurstof uit die huis uit... en wie wil nou in ‘n huis bly waar jy nie kan asem haal nie?

JOUBA
Waar is sy?

PROF. MEINTJIES
Sy is uit, iewers waar sy weer kan asem haal natuurlik. Die Weskus.

MARIO
Alleen, ver weg op haar eie?

JOUBA
Hoe kon pa haar laat gaan? Sy was joune om te beskerm!

Prof. Meintjies ontplof. Hy spring op, skop sy stoel agter toe... maar sy woorde verlaat hom, hy kan nie stry nie.

MARIO
Jouba! Ek is nog altyd aan jou sy. Vir jou spasie gegee...

Nou stap Mario ernstig oor na sy broer toe, aangesig-tot-aangesig - tussen Jouba en sy pa.

JOUBA
Hoe… !?

MARIO

Waar jou pyn is, is waar jy jou vryheid gaan vind.

Jouba se kake trek styf, alles binne hom wil uit bloei.

PROF. MEINTJIES

Jy is reg.

(stap na Jouba)

Ek het haar misluk, is die kruis wat ek moet dra. En ek dra swaar, maar dra sal ek hom dra.

Prof. Meintjies gaan staan langs Mario, altwee nou in Jouba se spasie. Jouba se arms en bene bewe.

PROF. MEINTJIES

En jy, my seun? Vir hoe lank gaan jy nog wegkruip?

JOUBA

(trane wat op bou)

Ek kruip nie weg nie!

PROF. MEINTJIES

Verkeerd! Wegkruip het jou lewe geword!

Jouba se hart se bodem val uit. ‘n Skiet-pyn penetreer sy rug. Hy sukkel om asem te haal, hy struikel agter toe, probeer ‘n muur vind om homself optehou, dan breek hy los en vlug by die voordeur uit.

MARIO

Boeta... !

**EXT. MEINTJIES HUIS - DAG**

Oor die stoep, spring Jouba op die grasperk, verloor sy balans. Weer op en by die straat af, so vinnig soos hy kan. Mario op sy spoor.

MARIO

Boeta... !

Slabs en Monty sit in die Jeep, deure oop, sien die broers hardloop. En dan vir Prof. Meintjies by die voordeur staan, sy hande op sy mond, huil.

MONTY

Moet ons... ?

Slabs is reeds uit en agter by die bagasie bak. Hy haal ‘n rugsak uit.

SLABS
Kom.

**EXT. STRAAT - SELFDE**

Jouba se longe brand. Hy hardloop so vinnig en so ver hy kan. Uit die buurt, by die grond pad af. Mario net agter hom, begin in haal. Sy bene kan nie meer nie, maar hy druk deur.

Later, draf hy langs ‘n ogiesdraad heining, dan oor die heining.

**EXT. GRASVELD - DAG**

Die diep oranje son begin sak soos ons nou deur veldblomme en droëe gras ‘n uitgetrapte wandelpad VOLG.

Ons vang op met Jouba. Sy bene gee in, kniëe val op die grond. Hy kyk voor hom. Sy skouers sak en begin ruk.

Dit is hier waar sy voete hom heen gelei het.

MARIO
(kom versigtig nader)
Boeta...

Jouba ruk homself reg, vorseer homself op en stap vorentoe na ‘n groot boom voor hom.

Ons kyk op en sien ons is terug presies waar als begin het - by die OU WILGER. Die eindste een in die begin van die draaiboek.

**EXT. GRASVELD - OU WILGER - DAG**

Dit is nou laat skemer. Jouba gaan staan stil teen die bas van die boom, uitasem.

MARIO
Boeta... Joubert.

Jouba se hart wil deur sy ribbekas breek.

JOUBA
AAAARRGHHH - !

Hy laat uit als wat hy kan. Hy kyk na sy ‘27-minute laat' boetie se gesig. Mario, kalm.

Sy vuiste bal, hy kan dit nie verder vat nie - WHACK! Sy regter tref vir Mario op sy oogbank. Mario val neer, Jouba is onmiddelik op hom.

JOUBA
Hoe kon jy!? Ons het die wêreld in ons hande gehad!

Mario gebruik sy bene en skop vir Jouba af.

MARIO
Kom! Laat dit uit. Laat dit ALS uit!

Soos ‘n Leeu wat op sy prooi spring, duik Jouba op Mario, hulle rol op die grond, oor die boom se wortels. Mario gryp weerskante van Jouba se gesig, trek homself op teen Jouba, voorkop-teen-voorkop.

MARIO (CONT'D)
Huil dit uit! Skree dit uit! BLOEI dit uit!

Ons sien ‘n bloed streep op Jouba se voorkop. Sy kneukels stukkend, sy oë vol trane en kwaad.

JOUBA
Jy't gesê jy wil gaan, toe gaan! Hoekom is jy nog hier? Hoekom as ek op kyk, dan is jy daar? Gaan dan. Fok. Off!

Slabs en Monty kom nader gedraf. Hulle wil in spring en help, maar Slabs sit sy arm voor om Monty te keer. Hy skud sy kop.

JOUBA (CONT'D)
Ek het... ek het niks meer om te gee nie. Verstaan jy nie!?

Mario ruk homself los maar Jouba duik vorentoe en trek vir Mario teen hom. Hy gooi sy arm om Mario se nek en hak dit by sy ander arm in.

Nou sien ons hy het vir Mario in ‘n lelike nek greep.

MARIO
Boeta... los.

JOUBA
Nee! NEE!

Tyd staan stil. Die tempo en emosie van die oomblik verander.

In stadige aksie sien ons die broers stoei. Slabs en Monty wat bekommerd toe kyk.

Mario se hande probeer Jouba se greep breek. Mario skop van die grond af en die broers rol agter toe, stof vul die oranje skemer lug.

TRANSITION TO: **VERLEDE**

**INT. ROOIES - DAG**

Op dieselfde tempo en emosie, is ons terug by Rooies se wiele wat in stadige aksie op die sand draai.

Die wielmoere van die linker agterste wiel begin los draai. **Juis een van die wat Jouba vroëer gewas en terug opgesit het.**

Binne die kar is die vier vriende absoluut in die oomblik. Jouba se oë is nog op Mario. Jonk. Vry. Broederlike-liefde.

TRANSITION TO: **VANDAG**

**EXT. GRASVELD - OU WILGER - DAG**

Jouba se greep op Mario word sterker.

MARIO
Laat gaan. Laat gaan. Laat gaan.

Vasberade, hou Jouba stywer vas. Slabs se elmboë is in die lug, sy hande op sy kop, hy byt sy lippe. Monty se trane rol oor sy wangbene.

TRANSITION TO: **VERLEDE**

**INT. / EXT. ROOIES - DAG**

Die wielmoere is amper los. Jouba se stuurwiel ruk. Sy uitdrukking verander na vrees. Die ander voel dit aan, gryp vas.

**Jouba verloor beheer.**

Die kar gly nou in sirkels. Die bolts val uit, die wiel ruk van sy as af - **BANG!**

Ons hoor bakwerk buig en glas breek. Rooies slaan hard teen ‘n groot dooie boom vas en kom onmiddelik tot stilstand.

Die stof sak dan sien ons die seuns binne.

Geen beweging.

Nou met ‘n sny teen sy wang, is Jouba die eerste wie sy kop oplig.

Hy kyk rond, sien vir Slabs. Nog in skok, maar hy is okay.

Hy kyk agter toe, Monty gee ‘n bewerige thumbsup.

Dan na Mario, wat ‘n smile forseer.

Verlig, begin Slabs senuagtig lag, Jouba wil-wil ook.

MARIO

Boeta...

Jouba draai om.

Hy sien Mario se forseerde smile verander na vrees. Bloed kom by die hoek van sy mond uit. Hy kyk af: bloed begin deur sy hemp wys. Een van die boom se takke het deur Rooies se bakwerk gepenetreer, in Mario se buik.

Jouba se gesig word spierwit. Hy skree. Paniek vul die kar. Almal spring in om Mario te help.

**EXT. ROOIES - DAG**

Van buite sien ons die skade, Rooies teen die boom.

Dit is ‘n geskarrel: Monty val uit by sy deur, gryp na ‘n foon op die grond, begin bel. Slabs klim by die venster uit, met sy rug teen die kar en voete teen die boomstam probeer hy om Rooies wegteskuif. Hy gee ALS. Dit werk nie.

**INT. ROOIES - DAG**

Terug binne die kar, is Jouba nou agter by Mario. Hy doen wat hy kan om die bloeding te stop.

Mario plaas sy hand op Jouba s'n. Jouba kyk op, hulle maak oogkontak. ‘n Vreedsame uitdrukking kom oor Mario.

TRANSITION TO: **VANDAG**

**EXT. GRASVELD - OU WILGER - DAG**

Die nek greep het nou verander in ‘n omhels. Jouba trek vir Mario teen hom. Huil onbeheersend.

JOUBA
Ek is jammer. Ek is jammer. Dit is my skuld. My skuld.

Mario se arms om Jouba. Jouba druk sy oë toe, die trane stroom, maak strepe oor sy stof gesig.

TRANSITION TO: **VERLEDE**

**EXT. ROOIES - AAND**

Rooi ambulans ligte helder die donker ongelukstoneel op. Paramedici wat op Mario werk. Jouba huil, met Slabs en Monty langs hom.

Ons sny na Prof. Meintjies wat *daai* onheilige oproep kry.

Terug by die ongelukstoneel. Jouba, Slabs en Monty se oë is nog gevestig op die paramedici. Die medics kyk terug... skud hulle koppe.

Die aarde hou op om te draai.

Slabs gooi sy groot arms om Jouba, trek hom teen se bors. Jouba se trane droog op. Sy gesig word hard.

TRANSITION TO: **VANDAG**

**EXT. GRASVELD - OU WILGER - DAG**

Die laaste sonstrale skyn op Jouba wie vir Mario nog vas hou.

JOUBA
Ek voel jou - *orals*.
(druk stuiwer)
My vlees is uitmekaar geskeer. Ek mis jou. Ek mis jou so baie, my boetie.

MARIO
Ek gaan nêrens nie.
(hy fluister in Jouba se oor)
Solank die sterre bo jou is, is ek hier waar ek moet wees, aan jou sy.

Jouba druk harder dan laat hy stadig vir Mario gaan.

Die broers op hulle knieë, aangesig-tot-aangesig. Jouba haal diep asem, hy sit sy hande op weerskant van Mario se gesig, stadig beweeg hy sy vingerpunte deur sy hare, oor sy oë, neus, mond. Hy wil als van Mario se trekke inneem. Nooit vergeet nie.

Dan beweeg sy hande oor Mario se oë en maak dit saggies toe.

JOUBA
(sag)
Mario.

MARIO
(met sy rug na die ou Wilger, glimlag)
Gestewel en gesmeer.

Slabs en Monty stap nader. Hulle staan nou agter Jouba, hulle hande op sy skouers. Jouba, een hand nog op Mario, sak sy skouers, hy snik.

TRANSITION TO: **VERLEDE**

**INT. /EXT - VARIOUS - MONTAGE**

**MEINTJIES HUIS:**

In Jouba se slaapkamer, sit Slabs langs sy vriend. Beide het kerk klere aan. Slabs probeer gesels, Jouba half-registreer net.

In die leefarea, is daar nog mense, meeste in swart kleredrag. Deur hulle sien ons vir Prof. Meintjies en Tannie G op 'n bank sit. Die Prof se arm om sy vrou se skouers. Tannie D is verniel.

Nou in Mario se slaapkamer, Jouba stap in, hy kyk rond, neem in. Hy sit sy hand agter op sy rug, die fisiese pyn van die ongeluk skiet deur. Hy beweeg oor na die spiëel toe en sien 'n FOTO - *die foto* - van die twee broers met hul twee pond trout, vas geplak bo regs. Jouba haal dit af, bestudeer dit. Kyk weer in die spiëel, hy kan nie na homself kyk nie. Die self haat tasbaar.

Later, Jouba stap ongesien by die agterdeur uit, by die stoorkamer - hul boetiek bier brouery - in. Hy kyk rond, vat aan Mario se sketse. Hy gooi 'n laken oor die masjiene. Hy tree uit, ons sien Jouba met 'n rugsak oor sy skouer. Hy maak die deur toe. Donker.

**BUS STASIE:**

Nog in sy kerk klere, sit Jouba by ‘n bus stasie en wag.

**GRASVELD:**

Iewers anders, ‘n groep mense kom byeen - ‘n GEDENKDIENS onder die ou Wilger. ‘n Dominee wat preek. Tannie D en Prof. Meintjies, gebroke. Prof. Meintjies kyk op na Slabs met ‘n vraag. Slabs kyk weer rond, soek vir sy vriend. Hy trek sy skouers op en skud sy kop, hartseer, onseker.

**BUS:**

Binne die bus sit Jouba met sy rugsak langs hom en die nou bekende trout foto van die broers in sy hand op sy skoot. Die bus vertrek.

TRANSITION TO: **VANDAG**

**EXT. GRASVELD - OU WILGER**

Ons volg Jouba se arm - uitgestrek - sy hand is nou nie meer op Mario se gesig nie, maar teen die bas van die ou Wilger.

Sy hand gly stadig af en ons sien ‘n GEDENKPLAAT vas geskroef teen die boom:

‘Mario Meintjies. 31/03/1990 - 05/12/2008. Seun. Broer. Vriend. Reisiger. '

Die DRIE vriende - Jouba, Slabs en Monty - sit alleen by die wortels van die ou Wilger.

TRANSITION TO: **2 DAE TERUG**

**INT. /EXT. - VARIOUS - MONTAGE**

Ons sien verskeie flitse van oomblike uit die draaiboek van die laaste paar dae se gebeure - maar nou SONDER MARIO:

Jouba alleen in sy woonstel / By die kruideniersware winkel / Waar hy worstel of hy vir Slabs ‘n boodskap moet stuur.

Die ouens wat by Jouba se woonstel aankom / Die road trip stories / Na die band bars / Jouba alleen op Oupa Sol se stoep en uit kyk na die reën wat nader kom / Skuifies kyk.

By die mark / Jouba se oë op die dansbaan / Baklei met Slabs / Konfrontasie met sy pa / Weg hardloop.

In die veld, by die ou Wilger, sien ons vir Jouba met homself stoei / Hy skop die grond / Hy val neer, uitgeput / Hy is op, hy slaan die boom met sy vuis, kneukels stukkend / Hy skree - met homself... teenoor Mario se gedenkplaaitjie / Hy omhels homself, hy druk sy bors / Hy plaas sy hande teen die boom.

TRANSITION TO: **VANDAG**

**EXT. GRASVELD - MARIO GEDENKPLAAT - AAND**

Jouba, met Slabs en Monty wat hom bystaan, se asem word rustiger. Sy huil minder. Die las ligter.

‘n Doodsestilte.

Jouba, lig sy kop na bo. Hy hoor die geluide van die ou Wilger se blare en voel die rustige koel wind teen sy vel.

Slabs trek sy rugsak nader, hy haal ‘n pakkie uit en handig dit oor aan Jouba.

SLABS

Joubert...

Hy vat die pakkie en maak dit oop. Ons sien Mario se JOHANNES KERKORREL & DIE GEREFORMEERDE BLUES BAND t-hemp.

SLABS (CONT'D)

Vir jou. Om neertelê.

Jouba se oë blink, hy knik. Slabs haal ‘n klein graaf uit sy rugsak en maak ‘n gat tussen die boom se wortels. Monty staan op en beweeg rondom die boom.

‘n Rukkie later sien ons vir Jouba die t-hemp versigtig opvou en dit saggies neerlê binne die gat.

JOUBA

Ek sien hom orals, julle. In die spieel, in my refleksie. Amper elke iets wat ek sien, storie wat ek hoor, oomblik van stilte - ek voel hom met alles binne my wat ruk... maar om te vergeet wie hy was, sal beteken om te vergeet wie ek is.

Monty handig ‘n bossie veldblomme wat hy gepluk het oor aan Jouba.

JOUBA
(glimlag)
Ha, wilde roosmaryn. Die kruid van herrinering.

Hy plaas dit neer op Mario se t-hemp.

JOUBA (CONT'D)
Dankie Monty.

Monty bloos.Slabs begin die gat stadig en versigtig toe gooi. Jouba staan op, oë op die klein "graf".

‘n Oomblik se stilte.

JOUBA
(na Slabs)
Dankie Johan. Vir alles.
(skud sy kop)
En jou pa...

SLABS
Dit is okay.

JOUBA
Nee, dit is nie. Ek is jammer. Jammer ek was nie daar vir jou soos jy hier vir my is nie. Jy is en was nog altyd my - en Mario - se ou boet... Slab-Yster.

Hy gee vir Slabs ‘n groot druk.

Die gewigte van verantwoordelikheid val van Slabs se skouers. ‘n Gevoel van verligtheid straal uit die groot trotse man.

JOUBA (CONT'D)
En nou, nou moet ek gaan reg maak.

Ons fokus vir ‘n laaste keer op Mario se gedenkplaatjie soos ons die vriende sien aanstap, weg van die ou Wilger.

DISSOLVE TO:

**EXT. DORP - STRAAT - AAND**

Jouba, Slabs en Monty stap deur die buurt, onder deur straat ligte, terug na die Meintjie Huis toe.

**INT. MEINTJIES HUIS - KOMBUIS - AAND**

Van agter sien ons vir Prof. Meintjies skottelgoed was. Hy laat val als terug in die water. Sy kop en skouers sak, uitgeput.

Van voor sien ons 'n paar arms oor Prof. Meintjies se skouer en blad vou. Hy besef onmiddelik wie s'n dit is. Hy smag al lank na die tipe warmte en liefde. Hy draai om en druk sy kop in sy seun se bors. Huil van blydskap.

Oomblike later sny ons na Jouba en sy pa wat saam 'n kers aansteek by 'n foto van Mario. Slabs en Monty wat aankyk. Die huis voel weer warm.

**EXT. MEINTJIES HUIS - LATER**

Prof. Meintjies handig sy foon oor aan Jouba. Jouba weet wat om te doen. Ons sien vir Jouba by die voordeur uitstap, foon teen die oor.

JOUBA
Hallo mams...

Jouba se lyftaal wys die gesprek: bang, hartseer, liefde, blydskap.

'n Ruk later sit Jouba die foon neer en gee 'n groot sug van verligting.

Hy beweeg terug om in die huis te gaan maar sien iets wat sy hart vinnig en senuagtig laat klop.

**EXT. MEINTJIES HUIS - AFDAK - AAND**

Onder haar groen seil, lê Rooies. Stil.

Jouba stap versigtig om haar, hy wil nie aan haar raak nie - maar hy *moet*. Jouba lig die seil op en ons sien haar: vol stof, skrape, gebreukte glas en duike, voorste regter wiel se as op bakstene.

Jouba beweeg stadig om tot by Mario se deur. Sy hande raak aan die gat, so groot soos sy hand, wat deurboor was. Hy hurk en kyk deur dit. Hy laat die pyn binne... en dan laat hy dit weer gaan.

Hy skep moed en klim binne Rooies. Sy hande beweeg stadig oor die stuurwiel se lyne. Hy neem die interior van haar in, dan voel hy iets teen sy voet. Hy buk af en dan tel hy 'n heupfles op. Hy draai dit om, vee die stof af. Sy eie.

SLABS
(kom aangestap)
Breek ‘n mens se hart om haar so te sien.

JOUBA
(oë nog op fles, knik)
Wreed.
(oë volg die vorm van die paneelbord)
Tog bly sy mooi.

Jouba klim uit en beweeg saam Slabs oor die grasperk. Monty sluit by hulle aan. Jouba kyk op na die nag se sterre. Die ander twee volg sy voorbeeld.

JOUBA
Hoor julle dit?

Ons hoor.... niks. Vreedsaam.

JOUBA (CONT'D)
(glimlag, met ‘n glinster in sy kyk)
Hulle roep.

**EXT. SPOORLYN - AAND**

Onder die aand se sterre volg ons die vriende weer op die spoorlyn. ‘n Helder volmaan blink op die lyne.

**EXT. KOPPIE - LATER**

Oomblikke later beweeg hulle by die koppie op tot bo by hulle STERREPLEK.

Slabs skuif die plat klip by die wortels van die Karee. Jouba trek die boomstompe nader en beweeg die klippe reg vir Monty om ‘n vuur te maak.

Slabs bring hul ‘Sterreplek' container nader.

Die ouens aan die gesels terwyl Jouba die teleskoop uithaal en opslaan. Hy en Monty kyk op. Hande wat beduie na die hemelruim. Slabs met notaboek op sy skoot, begin skets.

Klokslag, soort van.

**EXT. STERREPLEK - TELESKOOP - LATER**

Monty het die sterregids in hande, met Jouba een oog in die lens.

MONTY
Dit is blykbaar die kleinste van hulle almal.

JOUBA
Maar tog die bekendste.

MONTY
(blaai)
Acrux is die groot enetjie, na onder. Mimosa... Gacrux en... hierdie name... Delta Crucis.

SLABS
(aan die skets)
‘Delta Krisis'? Klink soos ‘n weermag eenheid.

JOUBA
(draai die fokus van die teleskoop)
Het hulle. Duidelik en mooi.

Slabs staan op, blaas die laaste van die uitvee rubber weg. Hy handig dit oor aan Jouba wat nou lyne van sy nuwe konstelassie trek. Slabs en Monty wat saam kyk.

JOUBA
Trek water...
(hy lig die skets op)
...en gee asem.

Weereens sien ons Slabs se skets talent: ‘n unieke uitbeelding van die aand se sterre, met ‘n fokus op vier sterre in die vorm van ‘n kruis, maar Jouba se lyne is getrek om die buite lyne van ‘n BOOM te beeld.

JOUBA (CONT'D)
"The Tree of Life".

Hy skryf regs bo op die bladsy:

‘Stilte Tyd. **Mario Meintjies**. 14. 02. 2011. '

JOUBA
Nou is Mario tussen die dames.

MONTY
Hulle sal mooi na hom kyk.

Die manne hou hul oë op die nagruim.

JOUBA
Hulle sê vroeg sterf is soos om die eerste hoofstuk van 'n grypende boek te lees en dan te sien dat die res van die hoofstukke uitgeskeer is. Oneindige potensiaal wat nooit ten volle ontdek sal word nie.

Hy maak die sketsboek toe, tik op sy voorblad.

JOUBA (CONT'D)
Al wat oorbly is die stories wat jy oor en oor met mekaar kan deel.

SLABS
Ek het nog so paar hoofstukke oor in my.
(maak keel skoon)
Ek gaan weg. Ver weg, Oos-Afrika. Ek gaan klas gee by vlugteling kampe in Tanzania. Teachers Without Borders.

Jouba en Monty is half geskok, tog bly vir hulle groot vriend.

SLABS
Dit is net... ek hardloop nie weg nie. Die kids daar het net soveel nodig, regtig nodig. Desperaat daarvoor...

JOUBA
...en jy kan 'n hand by sit - 'n *groot* hand.

Hy glimlag vir sy vriend, bly vir hom.

JOUBA (CONT'D)
Ek weet nie presies wat vir my voorlê nie. Sin vir sin, woord vir woord, letter vir letter sal ek my pad vind na 'n nuwe hoofstuk toe. Klein, eenvoudige stappe.

Jouba skop 'n klippie vorentoe.

JOUBA (CONT'D)
Miskien by my ma 'n draai gaan maak. Ja, dit sal goed wees.
(knipoog na die res)
Lanklaas 'n road trip gedoen.

SLABS
Monty? Wat is jou planne? Of, wag, laat ek raai...

MONTY
Ha, ja, my plan... My. Plan.

Hy lig sy skouers op en gee ‘n verleë lag.

MONTY (CONT'D)
Ek weet nie... ek het genuinely nie ‘n idee nie. *Niente*.

Slabs en Jouba is stom geslaan, dan begin almal saam hulle hard op lag.

JOUBA
Goed vir jou, Monty. Goed vir jou.

SLABS
(vee sy lag-trane af)
Kom Monty Delport.

Hy beduie vir Monty na die teleskoop toe.

**EXT. STERREPLEK - VUUR - AAND**

Jouba draai om, trap oor een van die sit stompe en gaan hurk voor die amper uitgebrande vuur.

SLABS (O.C.)
(na Monty)
Kom ons kyk of ons ‘n "plan" vir jou daarbo iewers kan vind.

Slabs en Monty se klanke beweeg verder van Jouba af terwyl hy ‘n gekapte stuk sekelbos optel.

SLABS (CONT'D) (O.C.)
(dof in agtergrond, by teleskoop)
Waar om te begin...

Jouba kyk diep in die kole.

JOUBA (V.O.)
"Waar om te begin...." inderdaad.Waar als begin het...

Jouba gooi die sekelbos stomp op die kole. Flitse verbrande hout SKIET op.

JOUBA (CONT'D) (V.O.)
‘n Kosmiese oerknal.

Soos viervlieggies in die donker nag VOLG ons duisende klein stukkies hout en as die hemelruim opstuig.

JOUBA (CONT'D) (V.O.)
‘n Oneindige hoeveelheid sterre stof skiet uit. Later, kom hulle weer bymekaar. Sonnestelsels, wentelbane, planete - *die bestandele van die lewe* - vorm.

Ons volg nogsteeds die stukkies rooi as, hoër en hoër op.

JOUBA (CONT'D) (V.O.)
Wanneer ons op kyk na bo word ons met een onweerlegbare feit getref: ons is deel van die sterre... nog meer, die sterre is deel van ons. *Binne* ons.

Hulle begin verdwyn tussen die sterre.

JOUBA (CONT'D) (V.O.)
Ons is alleen, maar tog nie alleen.

Finaal, word ons gelos om asem te haal met ‘n beeldskone hemelruim gevul met sterre van alle soorte.

FADE TO BLACK.

**THE END.**